Graad R-
taalverbeterings-program

# Aktiwiteitsgids

## Kwartaal 3



**Afrikaans**

Hierdie Konsepgids is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

Hierdie lisensie laat hergebruikers toe om die materiaal in enige medium of formaat vir nie-kommersiële doeleindes alleenlik te versprei, te vermeng, aan te pas en uit te brei, en dan slegs indien erkenning aan die skepper daarvan gegee word. Indien die materiaal vermeng, aangepas of uitgebrei word, moet die gewysigde materiaal ingevolge identiese voorwaardes gelisensieer word.

Vertaling en verwerking: Laetitia Bedeker

Afrikaans redigering en proeflees: Ilse von Zeuner

Illustrasies: Jiggs Snaddon-Wood

Ontwerp: Jacqui Botha

Afrikaans Setwerk: Lisa Borman van Intheworx Designs

# ★ Inhoud

Voorwoord van die Departementshoof ... 4

**INLEIDING**

Die Aktiwiteitsgids vir Kwartaal 3 ... 5
Die onderrig van Huistaal in die daaglikse program vir Graad R ... 6
Die Huistaal-tweeweek-siklus ... 7
Programaktiwiteite is in lyn met die KABV ... 9

**DAWIE SE NUWE FIETS**

Storie ... 11
Liedjie en woordeskat uit die storie ... 12
Week 1 ... 13
Week 2 ... 20

**SOKKIES GAAN WINKEL TOE**

Storie ... 27
Liedjie en woordeskat uit die storie ... 28
Week 1 ... 29
Week 2 ... 36

**DIE PADDAVISSIE**

Storie ... 43
Liedjie en woordeskat uit die storie ... 44
Week 1 ... 45
Week 2 ... 52

**EMMA EN DIE PLANTDIEWE**

Storie ... 58
Liedjie en woordeskat uit die storie ... 59
Week 1 ... 60
Week 2 ... 67

**OUPA FAROUK SE TUIN**

Storie ... 74
Liedjie en woordeskat uit die storie ... 75
Week 1 ... 76
Week 2 ... 83

**ASSESSERINGS**

Voorbeeldrekord van deurlopende assessering (kontrolelys) ... 91
Luister en praat Rubriek 1 en 2 ... 92
Klanke, Lees en kyk Rubriek 1 tot 3 ... 93
Ontluikende skryf en Handskrif Rubriek 1 tot 3 ... 94

Hoe om speeldeeg en 'n klein boekie te maak ... 95

Aktiwiteitsbladsye ... 96

# Voorwoord van die Departementshoof

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER

Dear Teacher/Practitioner

Welcome to the training of the Grade R teachers/practitioners. The Gauteng Department of Education (GDE) has prioritized Early Childhood Development as its Strategic Goal 1. This is to ensure that we can lay a solid foundation and seamless transitioning of learners to Grade 1.

The Grade R Mathematics and Language Improvement Project has been developed to provide the much-needed classroom based support for the Grade R teachers/practitioners in Gauteng. It is about classroom practices with exciting techniques and methodology most appropriate for Grade R Teaching and Learning. This is in response to a study that reported that 65% of children across South Africa have not mastered the skills required to be able to succeed in Literacy and Numeracy when entering Grade 1. This project is intended to support the Grade R practitioners/teachers to address this challenge.

The Department's expectation is that you are ready to learn and be a more empowered Grade R teacher/practitioner. Your commitment to the training process and thereafter the implementation of lessons learnt in your classroom will contribute to the improvement of Grade R learner readiness for Grade 1.

We trust that this intervention will help enhance your potential, innovation and creativity as you lay an important foundation for learning of our children. This project would not have been possible without the support of our partners. The GDE is grateful for the support of the GEDT, Zenex Foundation and USAID who contributed to this initiative.

I trust you will learn a great deal from this training programme and improve the learning experience of the young children in your care.

Yours Sincerely

**MR EDWARD MOSUWE**
**HEAD OF DEPARTMENT**
**DATE:** 3/6/2020

Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 4 2021/11/28 21:31

# Inleiding

## Die Aktiwiteitsgids vir Kwartaal 3

Die Huistaal-aktiwiteitsgids vir Kwartaal 3 bied ʼn struktuur vir die onderrig van Huistaal in die derde kwartaal van Graad R. Die aktiwiteite is gegrond op stories en is volgens ʼn tweeweek-onderrigsiklus vir elke storie gestruktureer.

Jy sal die volgende hierin vind:

- Lys van wat jy vir elke tweeweek-storiesiklus moet voorberei
- Tweeweek-siklus wat die aktiwiteite vir elke dag vir twee weke uiteensit
- Deurlopende assesseringsblad op grond van die kwartaal se aktiwiteite wat gebruik kan word om die leerders se vordering deur die kwartaal op te teken
- Assesseringsrubrieke
- Fotokopieerbare aktiwiteitsblaaie, klein boekies en lettertemplate.

## Hulpbronne

Hier is ʼn oorsig van die stories, verwante temas en fokusletters/-klanke vir Kwartaal 3.

| Storie | Tema | Fokusletters/-klanke |
|---|---|---|
| **Dawie se nuwe fiets** | Vervoer | **h** en **o** |
| **Sokkies gaan winkel toe** | Beroepe | **g** en **u** |
| **Die paddavissie** | Water | **p** en **a** |
| **Emma en die plantdiewe** | Groente | **k** en **e** |
| **Oupa Farouk se tuin** | ʼn Gesonde omgewing | **w** en **i** |

Jy sal met verloop van tyd jou eie hulpbronne moet versamel om die program te onderrig. Party word as deel van die program vir jou gegee, party moet jy versamel en party kan jy self maak. Ons stel voor dat jy jou lesse aan die begin van elke week beplan en al die materiale wat jy sal benodig vooruit voorberei. Maak seker dat alles gereed is voordat jy met die lesse begin sodat jy jou tyd met die leerders ten beste kan benut.

### Taalhulpbronpak

Jy sal met elke kwartaal se Aktiwiteitsgids ʼn hulpbronpak ontvang wat die volgende bevat:

- Handpoppe vir elke storie
- Opeenvolgende prente vir elke storie
- ʼn Groot Boek vir elke storie
- Speletjies en legkaarte (wat jy moet uitknip en voorberei).



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 5 2021/11/28 21:31

## Hulpbronne wat jy moet versamel of koop

- Rekwisiete en kostuums wat met die storie verband hou om tydens storievertelling, voorgee-spel en rolspel te gebruik
- Gedrukte materiaal wat met elke storie verband hou: prenteboeke, winkelbrosjures, tydskrifte, kaarte en plakkate
- Voorwerpe of prentkaarte vir die woordelys vir elke storie
- Voorwerpe vir letterhouers, 'n handpop van 'n sokkie gemaak, 'n sakkie, lap, goedkoop vlieëplakke, 'n pot, 'n mandjie, 'n groot lepel
- Speeldeeg, speeldeegmatte
- Groot vetkryte, verf en verfkwaste, skêre, gom, koki-penne, merkpenne en witbordpenne, wondergom, dobbelsteen en speelmunte
- A4-papier, kleurpapier, karton en blaaibordpapier
- Afvalmateriaal vir kuns- en bou-aktiwiteite: papierborde, knope, sade, stokkies, klippies, botteldoppies, eierhouers, glasflesse, verskillende kleure vingerverf, plastiekoë (opsioneel), tinfoelie, polistireenbakkies, lap, tandestokkies, sneespapier, pasta

## Voorbereiding vir elke storie

- Versamel rekwisiete vir storievertelling, rolspel en voorgee-spel.
- Maak vir elke leerder 'n fotokopie van die aktiwiteitsblaaie.
- Berei die speletjies en legkaarte voor en bewaar dit in 'n houer.
- Maak speeldeeg en speeldeegmatte (die resep is by die aktiwiteitsblaaie ingesluit).
- Fotokopieer en vou 'n klein boekie vir elke leerder (vind instruksies hiervoor op die aktiwiteitsblaaie).
- Maak twee letterhouers vir elke storie: Vul leë roomysbakke met voorwerpe (of prente van voorwerpe) wat met die spesifieke klank begin. Die **s**-houer sal byvoorbeeld voorwerpe bevat wat met die klank /**s**/ begin. Gebruik die woordelyste om jou te help om items vir die houers te kies. Merk elke letterhouer deur die lettertemplaat daarop te plak. Dit is 'n goeie idee om die template op vilt, sponsrubber of skuurpapier na te trek, sodat die leerders die vorm van elke letter kan voel.

# Die onderrig van Huistaal in die daaglikse program vir Graad R

Die Huistaal-fokustyd sluit heleklas- en kleingroep-aktiwiteite vir elke dag in. Aktiwiteite word op verskillende maniere georganiseer:

- Die onderwyser gee leiding van voor in die klas.
- Die onderwyser sit met 'n klein groepie om leiding te gee en saam met die leerders te werk.
- Die onderwyser verduidelik 'n aktiwiteit en laat die leerders dan meer onafhanklik in groepe werk.

Die tweeweek-siklus sit die daaglikse aktiwiteite vir twee weke uiteen. Die aktiwiteite is ontwerp om die taal van die storie te ontwikkel en te versterk, en ontwikkel belangrike geletterdheidskonsepte in 'n betekenisvolle storiekonteks. Die struktuur word vir elke tweeweek-siklus herhaal. Hierdie roetine raak bekend en is tot voordeel van sowel die onderwyser as leerders. Onderwysers kry meer selfvertroue om op hierdie manier te onderrig en leerders voel veilig wanneer hulle weet wat van hulle verwag word.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 6 2021/11/28 21:31

# Die Huistaal-tweeweek-siklus

## Week 1

| Heleklas-aktiwiteite | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Storie-gebaseerde aktiwiteite** | **Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat** | **Storievertelling en sang** | **Storievertelling en rolspel** | **Opeenvolgende prente** | **Maak, teken en skryf** |
| | Leerders hoor die storie vir die eerste keer terwyl hulle nuwe woordeskat leer. | Leerders luister weer na die storie en sing 'n liedjie verbonde aan die storie. | Leerders vertolk verskillende rolle en gebruik die storietaal self terwyl die storie vertel word. | Leerders vertel die storie weer deur prente te gebruik. | Leerders stel hulle idees oor die storie voor deur 'n voorwerp te maak, 'n prent te teken of aan gedeelde skryf deel te neem. |
| **Letter- en klank-aktiwiteite** | **Stel 'n klank uit die storie bekend** | **Vorm die letter** | **Letterhouers** | **Luister vir fokusklanke** | **Samesmelting en verdeling** |
| | Leerders word aan 'n fokusklank uit die storie bekendgestel. | Leerders vorm die fokusletter met gebruik van verskillende materiale wat hulle 'n ryk sensoriese ervaring bied. | Leerders sien voorwerpe en prente wat met die fokusklank begin, hou dit vas en gesels daaroor. | Leerders identifiseer fokusklanke in woorde. | Leerders meng klanke om woorde te vorm en verdeel woorde in klanke. |
| **Klein-groep-aktiwiteite** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| | Stella toon aan watter daaglikse kleingroep-aktiwiteite deur die onderwyser gelei word. | | | | |
| **Die blou groep** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf**  | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** |
| | Leerders teken hulle idees deur teken en ontluikende skryf op. | Leerders bou legkaarte en speel taalspeletjies. | Leerders lees onafhanklik en geniet boeke en ander gedrukte materiaal. | Leerders doen fynmotoriese aktiwiteite en oefen lettervorming. | Leerders bou op die storietaal en tema deur voorgee-spel. |
| **Die groen groep** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf**  | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** |
| **Die geel groep** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf**  | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** |
| **Die rooi groep** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf**  | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** |
| **Die pers groep** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf**  |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 7 2021/11/28 21:31

## Week 2

| Heleklas-aktiwiteite | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **Storie-gebaseerde aktiwiteite** | **Nog opeenvolgende prente** | **Gedeelde lees – Groot Boek** | **Leer om te luister** | **Lees en doen** | **Maak, teken en skryf** |
| | Leerders konsolideer hulle storiekennis meer onafhanklik met opeenvolgende prente. | Leerders luister na 'n bekende storie wat vir hulle voorgelees word terwyl die onderwyser die leesproses demonstreer. | Leerders luister goed en volg mondelinge instruksies. | Leerders vertolk geskrewe en prentleidrade. | Leerders stel hulle idees oor die storie voor deur 'n voorwerp te maak, 'n prent te teken of aan gedeelde skryf deel te neem. |
| **Letter- en klank-aktiwiteite** | **Stel 'n klank uit die storie bekend** | **Vorm die letter** | **Letterhouers** | **Luister vir fokusklanke** | **Samesmelting en verdeling** |
| | Leerders word aan 'n fokusklank uit die storie bekendgestel. | Leerders vorm die fokusletter met gebruik van verskillende materiale wat hulle 'n ryk sensoriese ervaring bied. | Leerders sien voorwerpe en prente wat met die fokusklank begin, hou dit vas en gesels daaroor. | Leerders identifiseer fokusklanke in woorde. | Leerders meng klanke om woorde te vorm en verdeel woorde in klanke. |
| **Klein-groep-aktiwiteite** | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| | Stella toon aan watter daaglikse kleingroep-aktiwiteite deur die onderwyser gelei word. | | | | |
| **Die blou groep** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** |
| | Leerders teken hulle idees deur teken en ontluikende skryf op. | Leerders bou legkaarte en speel taalspeletjies. | Leerders lees onafhanklik en geniet boeke en ander gedrukte materiaal. | Leerders doen fynmotoriese aktiwiteite en oefen lettervorming. | Leerders bou op die storietaal en tema deur voorgee-spel. |
| **Die groen groep** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** |
| **Die geel groep** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** |
| **Die rooi groep** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** |
| **Die pers groep** | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies** | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees** | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif** | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel** | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf** |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 8 2021/11/28 21:31

# Programaktiwiteite is in lyn met die KABV

Hierdie tabel toon hoe die aktiwiteite van die tweeweek-siklus spesifieke KABV-taalvaardighede ontwikkel, en ook hoe jy hierdie aktiwiteite kan gebruik om leerders se vordering teen KABV-assesseringskriteria te meet.

| Tweeweek-siklus | Heleklas-storiegebaseerde aktiwiteite | KABV-taalvaardighede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| | | | (afgelei van die KABV-assesseringskriteria) | |
| **Week 1**: Maandag | Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat | Luister en praat | Luister met genot na kort stories en neem deel aan refreine op die gepaste tye<br>Vra vrae | |
| Dinsdag | Storievertelling en sang | Luister en praat | Sing eenvoudige liedjies en voer bewegings uit (met hulp) | |
| Woensdag | Storievertelling en rolspel | Lees en kyk | Dramatiseer dele van stories, liedjies of rympies | |
| Donderdag | Opeenvolgende prente | Luister en praat | | **Luister en praat – Rubriek 1**: Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde |
| Vrydag | Maak, teken en skryf | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie<br>Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra | |
| **Week 2**: Maandag | Nog opeenvolgende prente | Luister en praat<br>Lees en kyk | | **Luister en praat – Rubriek 2**: Rangskik 'n stel prente in 'n logiese volgorde om 'n storie te vorm en vertel die storie wat geskep is |
| Dinsdag | Gedeelde lees – Groot Boek | Lees en kyk | "Lees" vergrote tekste soos gedigte, Groot Boeke en plakkate as 'n heleklas-aktiwiteit saam met die onderwyser | |
| Woensdag | Leer om te luister | Luister en praat | Luister na eenvoudige instruksies en voer dit uit | |
| Donderdag | Lees en doen | Lees en kyk | Herken eie naam en die name van sommige maats in die klas | |
| Vrydag | Maak, teken en skryf | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Dra idees by vir die klasnuus deur middel van tekeninge en dra sinne by tot die skryf van 'n klasstorie<br>Teken of verf prente om 'n boodskap oor te dra | |

| Tweeweek-siklus | Heleklas-letter- en klank-aktiwiteite | KABV-taal-vaardig-hede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| **Week 1 en 2**: Maandag | Stel 'n klank uit die storie bekend | Klanke | | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Dinsdag | Vorm die letter | Handskrif | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 1**: Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede |
| Woensdag | Letterhouers | Klanke | | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Donderdag | Luister vir fokusklanke | Klanke | Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van hulle eie naam | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 2**: Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van eie naam en ander woorde |
| Vrydag | Samesmelting en verdeling | Klanke | Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe: klap of gebruik tromslae op elke lettergreep in die woord of identifiseer die hoeveelheid lettergrepe (klappe) in die name van die kinders in die klas | |

| Tweeweek-siklus | Kleingroep-aktiwiteite | KABV-taal-vaardig-hede | Assesseringskontrolelys | Assesseringsrubriek |
|---|---|---|---|---|
| **Week 1 en 2**: Maandag | Teken en ontluikende skryf | Ontluikende skryf | Probeer letters skryf deur te krabbel en probeer eie skryfwerk "lees": "lees" wat krabbels beteken<br>Hou vetkryte reg vas en gebruik 'n aanvaarbare potloodgreep | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 2:** Teken prente om hoofgedagte van stories, liedjies of rympies weer te gee<br>**Rubriek 3**: Toon begrip dat skryf en teken verskillende aksies is: voorgee-skryf met gebruik van krabbels |
| Dinsdag | Legkaarte en speletjies | Klanke<br>Luister en praat | Gebruik taal om te dink en te redeneer: pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 1**: Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel |
| Woensdag | Selfstandige lees | Lees en kyk | "Lees" selfstandig en vir genot boeke uit die biblioteek/klaskamer se leeshoekie<br>Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier | **Klanke, Lees en kyk – Rubriek 3**: Maak eie storie op deur die prente te "lees" |
| Donderdag | Fynmotoriese vaardighede en handskrif | Handskrif | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting<br>Boots bekende letters in eie naam na om skryfwerk voor te stel: boots eie naam na<br>Ontwikkel fynmotoriese beheer deur duidelik omlynde prente, vorms, ens. uit te knip | **Ontluikende skryf en Handskrif – Rubriek 1**: Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede |
| Vrydag | Voorgee-spel | Luister en praat<br>Ontluikende skryf | Rolspeel skryf in speelsituasies: skryf van 'n telefoonboodskap, inkopielys, 'n verkeersboete<br>Herskryf teks vanuit die omgewing in speelsituasies | |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 10 2021/11/28 21:31

# Dawie se nuwe fiets

## Storie



Dawie was 'n vrolike seuntjie wat graag met sy maats gespeel het. Maar daar was een ding wat hy die graagste in die hele wêreld wou hê – sy eie, eie fiets. Dawie se maats het almal fietse en wanneer hulle saam skool toe ry, staan Dawie en waai vir hulle, en wens hy kan saamry.

Dawie se verjaardag is om die draai. Hy hoop sy mamma en pappa gaan hierdie jaar vir hom 'n fiets vir sy verjaardag koop. Die oggend van sy verjaardag roep sy mamma en pappa hom: "Geluk met jou verjaardag, Dawie! Kom kyk wat het ons vir jou!" Dawie hardloop in die kamer in en raai wat sien hy? 'n Blink rooi fiets met 'n groot blou strik daarop. Hy is vreeslik opgewonde oor sy geskenk. "Dankie, Mamma en Pappa!" roep hy. "Dit is presies waarvoor ek gewens het. Nou kan ek saam met my maats skool toe ry."

Dawie is baie bly. Hy sit sy helm op en klim op sy blink nuwe fiets. Maar, ag nee, hy val net daar om en land op die grond. Dawie probeer weer, maar hy val weer om. Hy weet nie hoe om fiets te ry nie!

Dawie stoot die fiets tot in sy kamer en sit dit langs sy bed neer. Hy poets dit elke dag totdat dit blink. "Ek wens ek kon op my fiets ry," dink hy.

"Dawie, kom ry saam met ons!" roep sy maats. Maar Dawie bly in die huis. Hy voel skaam en wil vir niemand sy geheim vertel nie – dat hy nie kan fietsry nie.

Dawie wag elke aand tot dit donker word en dan stoot hy sy fiets tot in die tuin waar niemand hom kan sien nie. Hy probeer en probeer om sy fiets te ry, maar arme Dawie val die heeltyd af en kry net seer.

Een aand sien Dawie se maatjie Anna hom in die tuin. Anna is 'n gawe meisie en sy wil vir Dawie help.

"Dawie!" roep sy. "Kom ek help jou." Anna hou die fiets vas en hardloop agter hom. Dawie val een keer, hy val twee keer, en toe val hy nie weer nie.

"Ek kan fietsry! Ek kan fietsry!" roep Dawie en ry al vinniger.

"Hoera!" skree Anna.

"Hoera!" skree Dawie terwyl hy om en om in die tuin ry. "Baie dankie dat jy my gehelp het, Anna!"

Toe Dawie se maats hom die volgende dag roep, is hy gereed om op sy nuwe fiets te klim en saam te ry. Dawie is baie bly dat hy aanhou probeer het, al het hy soveel keer geval. Nou kan hy saam met sy maats pret hê terwyl hulle saam skool toe ry.



***Fluit-fluit, my storie is uit.***



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 11 2021/11/28 21:31

## Liedjie



O, ek het 'n fiets,
'n Blink rooi fiets
Met 'n splinternuwe saal.
En ek klim op my fiets,
My blink rooi fiets
En ek kom om jou te haal.
Met 'n helm op my kop,
Kan niemand my stop
En ek kom om jou te haal.
Met my nuwe fiets,
My blink rooi fiets
Met 'n splinternuwe saal.

*(Sing op die wysie van "O, ek het 'n perd" of gebruik jou eie wysie.)*


# Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **fiets** | **maats** | **wens** | **ry** | **verjaardag** | **helm** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | waai | poets | val | geheim | blink | strik |
| | geskenk | kamer | help | donker | gawe | probeer |





Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 12 2021/11/28 21:31




**Jy benodig:**

- Storie: Dawie se nuwe fiets
- Handpoppe: Dawie, Anna, Dawie se fiets, 'n helm, 'n verjaardagstrik
- Rekwisiete: 'n fietshelm, 'n stuk lint in 'n strik geknoop
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



**Ek wikkel my vingers**
Ek wikkel my vingers
Ek wikkel my lyf
Ek wikkel my tone
En ek's nie meer styf!
So kom nou maatjies! [klap op kom]
Ek sê julle wat –
Ons almal gaan sit nou soet op die mat.

# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Ek wikkel my vingers* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Het enigiemand 'n fiets? Het julle al ooit probeer fietsry? Dink julle dit is maklik om te leer fietsry?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld: Wys vir hulle 'n helm of 'n kleurvolle lint wat in 'n strik geknoop is.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Wat dink julle het Dawie se mamma en pappa vir hom gekoop vir sy verjaardag? Dink julle Dawie gaan kan leer fietsry?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie? Het julle al ooit probeer om iets moeiliks te doen, en dit toe reggekry?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"hardloop, helm, huis, help. Kan julle die fokusklank hoor? **H**ardloop, **h**elm, **h**uis, **h**elp. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**h**/."*

**2** *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**h**/ begin: hond, horlosie, hoed, hart."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**h**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**h**/ te sê: "**h-h-h**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **h** ("haa"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 13 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie



# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

**1** Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.

**2** Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.


**3** Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.

**4** Sê ’n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.

**5** Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.

**6** Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter



**1** Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**h**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**h**/ begin.

**2** Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan voorgee om ’n motor te wees wat wil gaan staan, en "**h-h-h-h**" sê.

**3** Wys vir die leerders hoe om die letter **h** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: "*Begin by die kol, gaan regaf tot onder, halfpad op, om en af.*"

**4** Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.

**5** Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf en daarop te loop.

**6** Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 14 2021/11/28 21:31

## Jy benodig:

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **h** begin: hond, horlosie, hoed, hart, hand, hen, huis, haas, haai, handskoen

# Week 1 Dag 3



## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Wys vir hulle voorwerpe wat blink is en voorwerpe wat dof is. Vra hulle watter blink is. Vra of hulle die woord kan onthou vir iets wat ons nie vir iemand anders mag vertel nie ('n geheim) en vir iets wat jy regtig hoop waar sal word ('n wens).
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Stella sê:



*Gebruik die deksel van die letterhouer met die vilt- of sponsrubberletter daarop om vir die leerders te wys hoe om die letters te voel. Baie leerders sal daarby baat om die letters te voel en na te trek, want dit sal hulle help om die vorms van die letters te onthou.*

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Vra die leerders om voorwerpe te vind wat een van die fokusklanke het. Byvoorbeeld: *"Kan julle iets vind wat met die klank /**h**/ begin?"* Elke leerder moet dan die voorwerp benoem, die fokusklank sê en die voorwerp in die regte letterhouer sit.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.

## Jy benodig:

- Groot opeenvolgende prente
- Fokusletters op stokkies of roomysstokkies geplak
- Prentkaarte of voorwerpe uit letterhouers wat by die fokusletter pas

### Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*



# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die liedjie.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke

1. Gee vir elke leerder 'n prentkaart of 'n voorwerp uit 'n letterhouer wat pas by een van die fokusletters wat op 'n stokkie geplak is.
2. Verduidelik vir die leerders dat jy 'n stokkie met 'n fokusletter in die lug gaan hou. Die leerders wat 'n prent of 'n voorwerp het wat met daardie fokusletter begin, moet opstaan en 'n trein agter jou maak. Hulle moet die naam van die prent of voorwerp sê en die fokusklank beklemtoon.
3. Die trein stop by die stasie en jy (die onderwyser) sit dan die stokkie met die letter op 'n tafel neer. Elke leerder sit dan hulle prent of voorwerp langs die letter neer.
4. Herhaal hierdie proses met nog 'n fokusklank.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 16 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Blaaibordpapier, merkpen, vetkryte, 'n kaart
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: Dawie, vrolike, saamry, verjaardag, oggend, probeer, geheim, niemand
- Twee stoele

# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Vra die leerders of enigiemand al voorheen 'n kaart gebruik het. Wys vir hulle die kaart en bespreek waarvoor ons kaarte gebruik.
2. Verduidelik dat hulle jou gaan help om 'n padkaart van die skool tot by 'n winkel/park/kerk in die omgewing te teken.
3. Teken die buitelyne van die skool en die skoolhek. Vra die leerders watter kant toe 'n mens moet draai wanneer jy die skool verlaat. Teken 'n pad wat na 'n nabygeleë winkel/park/kerk lei. Vra die leerders of hulle enigiets langs die pad sien, en teken bome, verkeersligte en huise aan die kant van die pad.




### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)



1. Sit twee stoele op die mat neer en vra die leerders om op die mat te sit en na die stoele te draai.
2. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **saam | ry, ver | jaar | dag**.
3. Kies twee leerders om op die stoele te sit wat na die ander leerders gedraai is. Fluister in een leerder se oor dat hy/sy "nie" moet sê. Die ander leerder moet "mand" sê.
4. Vra die leerders om hulle lettergrepe hardop te sê. Die ander leerders moet die lettergrepe saamvoeg om die woord ("niemand") te maak.
5. Vra nou die leerders: *"Sê 'niemand' sonder om 'nie' te sê."* Wys na die leerders wat op die stoele sit en vra hulle om die woorde "nie" en "mand" te sê. Vra nou die leerder wat "nie" sê om stil te bly. Vra: *"Wat bly oor? Ja, 'mand'!"* Doen nou die aktiwiteit andersom: *"Wat is 'niemand' sonder 'mand'?"* (nie). Doen hierdie aktiwiteit ook met ander tweelettergrepige woorde.


## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 17 2021/11/28 21:31

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br><br>*Die leerders sal dalk teen hierdie tyd van die jaar meer selfvertroue hê om self te probeer skryf. Moenie bekommerd wees as party leerders 'n lang string letters sonder spasies skryf nie.* | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.<br>**2** Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".<br>**3** Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.<br>**4** Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.<br>**5** Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.<br>**6** Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.<br>**7** As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf.<br>**8** Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.<br>**9** Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings. |
| • Twee **Renmotor-speletjieborde**<br>• Twee stelle letter- en prentkaarte<br>• Twee dobbelstene en speelmunte<br><br>*As die leerders sukkel om die speletjie selfstandig te speel, kan jy dalk 'n paar ouers nooi om met hierdie kleingroep-aktiwiteit te kom help. Speel die speletjie met die ouers voor die skooldag begin sodat hulle met selfvertroue met die leerders kan werk.* | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Sit die **Renmotor-speletjiebord** op die mat/tafel neer. Sit die prentkaarte in 'n hoop neer met die prentkant na onder. Versprei die letterkaarte rondom sodat die leerders hulle kan sien.<br>**2** Verduidelik vir die leerders die reëls:<br>• Elke leerder kry 'n beurt om die dobbelsteen te gooi en die speelmunt die regte hoeveelheid spasies aan te skuif.<br>• Nadat die leerders hulle speelmunt geskuif het, tel hulle 'n prentkaart uit die hoop op, benoem die prent en sê die fokusklank.<br>• Hulle sit dan die prentkaart langs die korrekte letterkaart neer.<br>• Die speletjie is verby wanneer die eerste leerder die vlag bereik.<br> |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 18 2021/11/28 21:31

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |
| • 'n Fotokopie van die **Fiets-aktiwiteitsblad** vir elke leerder<br>• Pasta, stokkies, tinfoelie, gom en skêre<br> | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle die pasta of stokkies en tinfoelie op die fiets moet vasplak om dit te versier.<br>**2** Wanneer hulle daarmee klaar is, kan hulle Dawie op die fiets teken, met Anna wat die fiets stoot.<br> |
| • Rekwisiete: gereedskap, 'n fietspomp, fiets om te was en te poets, petrolpomp van 'n ou boks gemaak, telefoon om afsprake vir motorversienings te maak, groot bokse vir kamma-motors, naambord vir die garage, 'n padkaart of kaartboek | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete.<br>**2** Verduidelik dat hulle gaan voorgee dat hulle by 'n garage/vulstasie werk as petroljoggies, motorwerktuigkundiges, bestuurders en ontvangsklerke wat afsprake maak.<br>**3** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br><br> |




Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 19 2021/11/28 21:31

## Jy benodig:

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1 Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).

2 Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.

3 Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*

4 Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.

5 Gee vir elke leerder 'n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.

6 Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.

7 As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees". Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend

1 Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"oggend, opgewonde, ons, op. Kan julle die fokusklank hoor? **O**ggend, **o**pgewonde, **o**ns, **o**p. Luister nou na hierdie woorde uit die storie: donker, grond, kom. Kan julle die fokusklank binne hierdie woorde hoor? D**o**nker, gr**o**nd, k**o**m. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**o**/."*

2 *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**o**/ begin: oppas, os, onder, optel, Oktober."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

3 Sê die klank /**o**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

4 Vra die leerders om die klank /**o**/ te sê: "**o-o-o**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **o** ("oë"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 20 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Dawie se nuwe fiets*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2




## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**o**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**o**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle 'n orangoetang is en "**o-o-o-o**" sê terwyl hulle hul arms langs hulle sye swaai.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **o** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, al in die rondte om, maak die sirkel toe."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letter oor en oor met water op plaveisel verf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 21 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Opgeneemde klanke van verskillende soorte vervoer
- Prente van verskillende soorte vervoer
- Spieëltjie
- ’n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat oranje is (vetkryt, speeldeeg, knope, papier, lap, blom, seep, albaster, ballon)

# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

**1** Vra die leerders om in ’n kring te sit en hulle oë toe te maak en mooi te luister na die klanke om hulle. Vra of hulle enige motors, fietsklokkies, motorfietse of vragmotors kan hoor.

**2** Die leerders moet goed luister terwyl jy klanke van ’n motor, trein, donkie, perd, fietsklokkie, vliegtuig, skeepshoring, polisiesirene en motorfiets van jou selfoon af speel. Die leerders moet die soort vervoer benoem.

**3** Brei hierdie aktiwiteit uit deur prente van verskillende soorte vervoer in die middel van die kring te plaas.

**4** Een leerder neem ’n kaart uit die hoop en maak die klank en aksie van die soort vervoer. Die ander leerders moet raai wat op die kaart is. Die leerder wat eerste reg raai, kry ’n beurt om ’n kaart uit die middel op te tel.

**5** Leerders wat skaam is, kan hierdie aktiwiteit in pare doen.

### Letterhouers

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en prente in die letterhouer een op ’n slag. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.

**2** Bespreek elke voorwerp of prent, gesels oor die kleur en beklemtoon die woord "oranje" en die fokusklank /**o**/.

**3** Gebruik ’n spieël sodat die leerders kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.

**4** Sê nou vir die leerders dat jy iets in die houer gaan beskryf en hulle moet raai wat dit is. Sit jou hand in die letterhouer en sê: *"Ek het iets wat oranje is en ek gebruik dit om my lyf te was (seep). Ek het iets wat oranje is en ek gebruik dit om my naam te skryf (vetkryt)."*

**5** Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 22 2021/11/28 21:31

## Jy benodig:

- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsbladsye 1 en 2** vir elke leerder
- Groot vetkryte
- Skêre en gom
- Fokusletters op stokkies of roomysstokkies geplak
- Prentkaarte of voorwerpe uit letterhouers wat by die fokusletter pas





# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1 Gee vir elke leerder 'n **Lees en doen-aktiwiteitsblad 1** met drie kolomme en 'n **Lees en doen-aktiwiteitsblad 2** met prente van verskillende soorte vervoer.

2 Vra die leerders om na die verskillende soorte vervoer te kyk en gesels oor waar ons elke soort vervoer vind – op land, in die water of in die lug. Byvoorbeeld: Busse het wiele om op land te ry, vuurpyle het sterk enjins om deur die lug te vlieg en seilbote kan dryf daarom seil hulle op water.

3 Vra die leerders om na **Lees en doen-aktiwiteitsblad 1** met die drie kolomme te kyk en te gesels oor wat hulle sien (simbole, prente en woorde). Wys vir hulle waar "land", "water" en "lug" staan. (Wys na die prente van paaie, water en wolke langs die woorde.)

4 Vertel vir hulle dat hulle nou 'n prettige aktiwiteit met die naam "Lees en doen" gaan doen. Hulle moet elke opskrif "lees" en doen wat dit sê.

5 Lees die eerste opskrif saam. Sê vir die leerders om die fiets in te kleur en uit te knip. Vra hulle waar hulle dink hulle die fiets moet plak (onder die opskrif "land").

6 Vra die leerders om ander prente van vervoer op land te vind. Hulle moet dit dan inkleur, uitknip en plak. Vra of enige leerders die volgende opskrif kan "lees". Hulle moet die soorte vervoer wat op water reis, inkleur, uitknip en plak.

7 Die leerders moet voortgaan totdat al die prente in die regte kolom geplak is.

### Luister vir fokusklanke

1 Gee vir elke leerder 'n prentkaart of 'n voorwerp uit 'n letterhouer wat pas by een van die fokusletters wat op 'n stokkie geplak is.

2 Verduidelik vir die leerders dat jy 'n stokkie met 'n fokusletter in die lug gaan hou. Die leerders wat 'n prent of 'n voorwerp het wat met daardie fokusletter begin, moet opstaan en 'n trein agter jou maak. Hulle moet die naam van die prent of voorwerp sê en die fokusklank beklemtoon.

3 Die trein stop by die stasie en jy (die onderwyser) sit dan die stokkie met die letter op 'n tafel neer. Elke leerder sit dan hulle prent of voorwerp langs die letter neer.

4 Herhaal hierdie proses met nog 'n fokusklank.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 23 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**


- A5-papier of -karton vir elke leerder
- Groot vetkryte
- ʼn Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: Dawie, vrolike, saamry, verjaardag, oggend, probeer, geheim, niemand
- Twee stoele

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Wys vir die leerders jou paspoort of ID-kaart/-boekie en verduidelik vir hulle dat ʼn mens ʼn paspoort benodig wanneer jy na ʼn ander land wil reis. Vra of enige leerders al na ʼn ander land gereis het, en of hulle ʼn paspoort het.
2. Blaai deur jou paspoort of ID-boekie en wys vir die leerders waar jou naam gedruk is, waar jou foto verskyn, jou geboortedatum en waar dit sê in watter land jy gebore is.
3. Verduidelik vir die leerders dat hulle hul eie paspoort of ID-boekie gaan maak.
4. Gee vir elke leer ʼn stuk A5-papier of -karton. Hulle moet die papier/karton in die helfte vou, ʼn prent van hulself teken en hulle naam voorop die stuk gevoude papier/karton skryf.
5. Moedig hulle aan om besonderhede soos hulle naam, ouderdom en land van herkoms te "skryf". Verduidelik dat hulle nie woorde hoef te skryf soos grootmense dit doen nie, maar dat hulle dit net soos skrif kan laat lyk.




### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Sit twee stoele op die mat neer en vra die leerders om op die mat te sit en na die stoele te draai.
2. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **saam | ry, ver | jaar | dag**.
3. Kies twee leerders om op die stoele te sit wat na die ander leerders gedraai is. Fluister in een leerder se oor dat hy/sy "nie" moet sê. Die ander leerder moet "mand" sê.
4. Vra die leerders om hulle lettergrepe hardop te sê. Die ander leerders moet die lettergrepe saamvoeg om die woord ("niemand") te maak.
5. Vra nou die leerders: *"Sê 'niemand' sonder om 'nie' te sê."* Wys na die leerders wat op die stoele sit en vra hulle om die woorde "nie" en "mand" te sê. Vra nou die leerder wat "nie" sê om stil te bly. Vra: *"Wat bly oor? Ja, 'mand'!"* Doen nou die aktiwiteit andersom: *"Wat is 'niemand' sonder 'mand'?"* (nie). Doen hierdie aktiwiteit ook met ander tweelettergrepige woorde.




## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.





Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 24 2021/11/28 21:31

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br> | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle moet voorgee hulle gaan op 'n uitstappie op hulle fietse. Hulle moet besluit waarheen hulle gaan ry (die park, winkels, 'n maatjie se huis, skool of kerk).<br>**2** Hulle moet die pad van hulle huis na die plek waarheen hulle gaan ry, en ook dinge wat hulle langs die pad sien, teken. |
| • Twee **Renmotor-speletjieborde**<br>• Twee stelle letter- en prentkaarte<br>• Twee dobbelstene en speelmunte<br><br>*As die leerders sukkel om die speletjie selfstandig te speel, kan jy dalk 'n paar ouers nooi om met hierdie kleingroep-aktiwiteit te kom help. Speel die speletjie met die ouers voor die skooldag begin sodat hulle met selfvertroue met die leerders kan werk.* | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Sit die **Renmotor-speletjiebord** op die mat/tafel neer. Sit die prentkaarte in 'n hoop neer met die prentkant na onder. Versprei die letterkaarte rondom sodat die leerders hulle kan sien.<br>**2** Verduidelik vir die leerders die reëls:<br>• Elke leerder kry 'n beurt om die dobbelsteen te gooi en die speelmunt die regte hoeveelheid spasies aan te skuif.<br>• Nadat die leerders hulle speelmunt geskuif het, tel hulle 'n prentkaart uit die hoop op, benoem die prent en sê die fokusklank.<br>• Hulle sit dan die prentkaart langs die korrekte letterkaart neer.<br>• Die speletjie is verby wanneer die eerste leerder die vlag bereik.<br> |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 25 2021/11/28 21:31

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Fotokopie van die **Vervoer-aktiwiteitsblad** en 'n polistireenbakkie vir elke leerder, duimspykers, tandestokkies, vetkryte, wondergom  | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Heg die stensil met 'n duimspyker of wondergom aan die agterkant van elke leerder se polistireenbakkie vas.<br>**2** Wys vir hulle hoe om vir elke kolletjie op die stensil 'n gaatjie deur die bakkie te maak.<br>**3** Hulle kan die prent inkleur wanneer hulle klaar is.<br>  |
| • Rekwisiete: gereedskap, 'n fietspomp, fiets om te was en te poets, petrolpomp van 'n ou boks gemaak, telefoon om afsprake vir motorversienings te maak, groot bokse vir kamma-motors, naambord vir die garage, 'n padkaart of kaartboek | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle voorgegee het dat hulle by 'n garage/vulstasie werk. Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 26 2021/11/28 21:31

# Sokkies gaan winkel toe

## Storie

Sam en Zinzi woon saam met hulle mamma en pappa, mnr. en mev. Madiswa, en hulle hondjie, Sokkies. Almal is lief vir Sokkies. 'n Entjie van hulle huis af is daar 'n spazawinkel. Dit is mnr. Ibrahim se winkel.

Een Saterdag sê die kinders se mamma: "Sam en Zinzi, gaan asseblief vir my winkel toe. Ek het brood, eiers, botter, melk en konfyt nodig." Sam en Zinzi hou daarvan om vir hulle mamma winkel toe te gaan en sê: "Ja, Mamma." Hulle maak eers 'n inkopielys, toe gee Mamma vir hulle geld, en daar gaan hulle!



Sokkies hardloop agter hulle aan. Hy hou ook daarvan om winkel toe te gaan! Hy hou veral daarvan wanneer mnr. Ibrahim pasteitjies gemaak het. Mnr. Ibrahim, die winkelier, sê: "Goeiemôre, Sam en Zinzi. En hoe gaan dit met jou, Sokkies?" Die kinders sê: "Môre, mnr. Ibrahim." Sokkies swaai sy stert. Die kinders kyk na hulle inkopielys. Hulle vra: "Kan ons asseblief een brood, ses eiers, botter, melk en konfyt kry?"



Mnr. Ibrahim sit alles in 'n sakkie en hy pak ook een van sy spesiale pasteitjies vir hulle in. Hulle gee vir hom die geld en sê: "Baie dankie, mnr. Ibrahim, ons hou baie van jou pasteitjies!" Toe waai hulle totsiens.

Sam en Zinzi stap huis toe, maar hulle gesels so lekker dat hulle nie oplet dat Sokkies nie by hulle is nie. Toe hulle by die huis kom, sê hulle mamma: "Sam! Zinzi! Waar is Sokkies?" O nee! Sokkies het hulle nie huis toe gevolg nie. Die kinders is baie bekommerd. Waar dink julle is Sokkies?

Net toe klop iemand aan die deur. Zinzi maak die deur oop en daar staan Musa, met Sokkies in sy arms! Almal sê: "Dankie, Musa! Jy's 'n ware vriend." Musa vertel vir hulle dat hy vir Sokkies in die winkel gekry het waar hy besig was om die krummels op die vloer te eet.

Sam en Zinzi tel vir Sokkies op en gee hom 'n stywe drukkie.

***Fluit-fluit, my storie is uit.***





Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 27 2021/11/28 21:31

## Liedjie

Sam en Zinzi gaan winkel toe, winkel toe, winkel toe,
Sam en Zinzi gaan winkel toe,
Daar anderkant die blou dakke.

Sokkies die hond, hy hardloop saam, hardloop saam, hardloop saam,
Sokkies die hond, hy hardloop saam,
Daar anderkant die blou dakke.

Maar, o toggie, toggie, tog, waar is Sokkies dan nou?
Hy is net weg, het hy ietsie gaan kou?
Ja, o toggie, toggie, tog, waar is Sokkies dan nou?
Daar anderkant die blou dakke.

Musa bring vir Sokkies terug, Sokkies terug, Sokkies terug,
Musa bring vir Sokkies terug.
Hy's die beste, beste vriend!



*(Sing op die wysie van "My hartjie, my liefie" of gebruik jou eie wysie.)*

## Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **konfyt** | **eiers** | **botter** | **brood** | **melk** | **krummels** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | pasteitjie | arms | swaai | klop | bekommerd | drukkie |
| | spesiaal | inkopielys | vriend | spazawinkel | geld | volg |





Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 28 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Storie: *Sokkies gaan winkel toe*
- Handpoppe: Sam, Zinzi, mev. Madiswa, Sokkies die hond, mnr. Ibrahim, Musa
- Rekwisiete: 'n tafel, 'n brood/leë broodsakkie, 'n eierhouer, botterhouers, 'n melkbottel, 'n kontfytblikkie, 'n handgeskrewe inkopielys (voor die les geskryf)
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Ek wikkel my vingers* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Ek wikkel my vingers**
Ek wikkel my vingers
Ek wikkel my lyf
Ek wikkel my tone
En ek's nie meer styf!
So kom nou maatjies! [klap op kom]
Ek sê julle wat –
Ons almal gaan sit nou soet op die mat.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Wie het 'n hond by die huis? Wat is die hond se naam? Het julle hond al ooit weggeraak?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld: Wys vir hulle hoe 'n sny brood in krummels gebreek kan word.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Wat dink julle gaan mev. Madiswa sê wanneer die kinders sonder Sokkies by die huis aankom? Hoekom het Sokkies nie agtergekom toe die kinders uit die winkel geloop het nie? Wat sou Sam en Zinzi gedoen het as Musa nie vir Sokkies huis toe gebring het nie?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"gaan, geld, goeiemôre, gee. Kan julle die fokusklank hoor? **G**aan, **g**eld, **g**oeiemôre, **g**ee. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**g**/."*
2. *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**g**/ begin: gans, gom, gaap, goed, galop, glas, graaf."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**g**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**g**/ te sê: "**g-g-g**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **g** ("gee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 29 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie



# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

**1** Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.

**2** Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.


**3** Sê vir die leerders jy gaan vir hulle 'n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.

**4** Sê 'n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.

**5** Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.

**6** Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter



**1** Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**g**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**g**/ begin.

**2** Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan byvoorbeeld maak of hulle monsters is en vir mekaar "**gggg**" sê.

**3** Wys vir die leerders hoe om die letter **g** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, en gaan in die rondte om, maak die sirkel toe, dan op en af tot onder en om."*

**4** Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.

**5** Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met 'n stok in die sand te skryf en daarop te loop.

**6** Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 30 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **g** begin: glas, gans, graaf, gom, gaap, goed, geld, gogga, grond





# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Vra hulle om hierdie aksiewoorde uit te voer: "drukkie" en "volg".
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Vra die leerders om voorwerpe te vind wat een van die fokusklanke het. Byvoorbeeld: *"Kan julle iets vind wat met die klank /**g**/ begin?"* Elke leerder moet dan die voorwerp benoem, die fokusklank sê en die voorwerp in die regte letterhouer sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 31 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*

# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die liedjie.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.




### Luister vir fokusklanke

1. Verduidelik vir die leerders dat jy verskillende soorte werk wat mense doen, gaan beskryf en hulle moet dan raai wat die naam van die werk is. Jy sal vir hulle die fokusklank gee om hulle te help. *"Mnr. Ibrahim verkoop items. Die naam van sy werk begin met die klank /**w**/ … (winkelier). Ek werk by 'n skool en help jou om te leer. Die naam van my werk begin met die klank /**o**/ … (onderwyser)."*
2. Hier is nog voorbeelde: *"Iemand wat:*
   - *by 'n hospitaal werk en wie se werk met /**v**/ begin, is 'n …"* (verpleër)
   - *by 'n hospitaal werk en wie se werk met /**d**/ begin, is 'n …"* (dokter)
   - *brande blus en wie se werk met /**b**/ begin, is 'n …"* (brandbestryder)
   - *pype wat lek regmaak en wie se werk met /**l**/ begin, is 'n …"* (loodgieter)
   - *siek diere help en wie se werk met /**v**/ begin, is 'n …"* (veearts)
   - *kos by 'n restaurant bedien en wie se werk met /**k**/ begin, is 'n …"* (kelner)
   - *na ons tande kyk en wie se werk met /**t**/ begin, is 'n …"* (tandarts)
   - *groente kweek en verkoop en wie se werk met /**b**/ begin, is 'n …"* (boer)
   - *huise bou en wie se werk met /**b**/ begin, is 'n …"* (bouer)

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 32 2021/11/28 21:31

# Week 1 Dag 5

**Jy benodig:**

- Blaaibordpapier, merkpen, 'n skoon A4-bladsy vir elke leerder, vetkryte
- 'n Sokkie-handpop wat soos Sokkies lyk
- 'n Sakkie met voorwerpe of prente vir enige van die meerlettergrepige woorde uit die storie: mamma, pappa, Sokkies, winkel, pasteitjies, krummels

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Skryf voor die les die titel "My inkopielys" boaan elke leerder se bladsy. Lees die titel saam terwyl julle na elke woord wys.
2. Gesels oor die dinge wat ons by verskillende winkels kan koop en laat die leerders hulle inkopie-ervarings deel.
3. Vertel vir die leerders dat julle inkopies gaan doen en hulle moet jou help om 'n inkopielys te maak. Vra hulle om voorstelle te gee van items wat julle kan koop.
4. Skryf die lys en teken 'n eenvoudige prent langs elke woord. Lees die lys saam.
5. Verduidelik vir die leerders dat hulle nou hulle eie inkopielys gaan maak. (Verwyder jou lys sodat die leerders dit nie naboots nie.)
6. Die leerders moet nou items teken wat hulle wil koop, en probeer om die woorde te "skryf" deur voorgee-skrif of versinde spelling te gebruik.
7. Die leerders kan dan hulle inkopielyste vir mekaar "lees".




Stella sê:



*As 'n uitbreiding van hierdie aktiwiteit kan die leerders oefen om kort woorde in foneme op te breek. Voeg 'n paar voorwerpe of prente van eenlettergrepige woorde by, soos: brood, melk, hond, stert. Dit is moeiliker om hulle op te breek, omdat die leerders vir enkelklanke (foneme) moet luister. Byvoorbeeld: b-r-oo-d, m-e-l-k, h-o-n-d, s-t-e-r-t.*

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Verduidelik vir die leerders dat Sokkies (die sokkie-handpop) in die sakkie met voorwerpe of prente van meerlettergrepige woorde gaan kyk en 'n woord gaan sê deur dit op te breek, byvoorbeeld: **win | kel**. Die leerders moet dan raai wat Sokkies sê.
2. Nadat jy dit met 'n paar woorde gedoen het, vra of enige van die leerders die sokkie-handpop wil aansit en in die sakkie wil kyk. Hulle kan voorgee om Sokkies te wees en die woord sê deur dit op te breek. Die ander leerders moet raai wat hulle sê.




## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.





Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 33 2021/11/28 21:31

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br><br><br>*Die leerders sal dalk teen hierdie tyd van die jaar meer selfvertroue hê om self te probeer skryf. Moenie bekommerd wees as party leerders 'n lang string letters sonder spasies skryf nie.* | ***Aktiwiteit 1:*** **Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.<br>**2** Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".<br>**3** Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.<br>**4** Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.<br>**5** Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.<br>**6** Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.<br>**7** As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf.<br>**8** Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.<br>**9** Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings. |
| • 6 eierhouers met 'n letter op elke deksel geplak<br>• Letterprentkaarte vir ses letters | ***Aktiwiteit 2:*** **Legkaarte en speletjies**<br>**1** Skommel die letterprentkaarte en sit hulle onderstebo op die tafel neer.<br>**2** Gee vir elke leerder 'n eierhouer.<br>**3** Die leerders neem beurte om 'n kaart op te tel, die naam van die prent te sê en die kaart dan in die regte eierhouer te plaas.<br>**4** Die leerder wie se eierhouer eerste vol is, is die wenner.<br>  |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:*** **Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 34 2021/11/28 21:31

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • Papierbord vir elke leerder met 'n hond se neus en mond in die middel geteken<br>• Gom, skêre<br>• Swart, bruin en rooi afvalpapier | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n papierbord. Verduidelik dat hulle die afvalpapier moet gebruik om klein sirkels vir die kolle op Sokkies se pels uit te knip. Hulle moet ook ore, oë en 'n tong teken en uitknip.<br>**2** Nadat hulle al hierdie stukke uitgeknip het, moet hulle goed na Sokkies se gesig kyk en dan die ore, oë, tong en kolle op hulle papierbord plak.<br> |
| • Rekwisiete: 'n tafel, verskillende groottes leë koshouers, kamma-geld, bokse, inkopiesakke, papier en potlode, ou rekenaar of sleutelbord, 'n telefoon | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Gesels oor hoe Sam en Zinzi winkel toe gegaan het. Wys na die koshouers, bokse, inkopiesakke en kamma-geld. Sê: *"Vandag gaan julle 'winkel-winkel' speel."*<br>**2** Begin deur te sê: *"Wie gaan winkel toe? Onthou, jy moet eers 'n inkopielys maak. Wie gaan die winkelier wees? Dit lyk my jy gaan vandag baie besig wees – ek hoop jy is gereed vir al jou kopers!"*<br>**3** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig. Byvoorbeeld: As daar te veel leerders is wat in 'n ry vir die winkelier wag, kan jy na 'n groep stap en sê: *"Hallo, ek is die winkelier se assistent. Kan ek julle dalk help?"*<br> |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 35 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Gee vir elke leerder 'n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.
6. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.
7. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees". Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"krummels, drukkie, hulle. Kan julle die fokusklank binne hierdie woorde hoor? Kr***u***mmels, dr***u***kkie, h***u***lle. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /***u***/."*
2. *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde met /***u***/ binne die woord: bus, mus, bult, kus, julle, blus, kul."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**u**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**u**/ te sê: "**u-u-u**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **u** ("u"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 36 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Sokkies gaan winkel toe*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2




## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**u**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**u**/ begin, of met die klank /**u**/ binne die woord.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle sukkel om iets te onthou, en "**u-u-u-u**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **u** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol en gaan af, om en weer op. Gaan dan weer af tot onder."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letter oor en oor met water op plaveisel verf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 37 2021/11/28 21:31

| Jy benodig: |
| --- |
| • 'n Paar kositems of prente van kos uit 'n winkelbrosjure<br>• Spieëltjie<br>• 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van 'n bus, mus, bul, vulletjie, nul, kus, hut, put, buffel, bult, kuns, lugballon |

# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1. Laat die leerders in 'n kring sit en vra dat hulle stil en kalm raak.
2. Tel nou vier kositems of prente van kos op en benoem elkeen. Nadat jy vir die leerders die items gewys het, moet jy hulle agter jou rug hou en dan vra of iemand kan onthou watter items jy vir hulle gewys het. Luister na hulle antwoorde, en herhaal dan die aktiwiteit met vyf items.
3. Begin nou 'n storie: *"Die kinders stap winkel toe om botter te koop."*
4. Die volgende leerder in die kring moet nog 'n kositem byvoeg: *"Die kinders stap winkel toe om botter en suiker te koop."*
5. Die volgende leerder in die kring voeg nog een by: *"Die kinders stap winkel toe om botter en suiker en seep te koop."* Hou by 'n maksimum van vyf items in die lys; begin ná vyf leerders weer van voor af.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en prente in die letterhouer een op 'n slag. Bespreek elke voorwerp of prent, sê die woord stadig en beklemtoon die /**u**/-klank. Verduidelik vir die leerders dat hulle vir die /**u**/-klank in die middel van die woord moet luister.
2. Gebruik 'n spieël sodat die leerders kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.
3. Kies 'n voorwerp of prent uit die letterhouer sonder om dit vir die leerders te wys. Sê die woord baie stadig en beklemtoon die middelklank (mmm-u-u-u-sss). Vra die leerders om te raai wat jy sê.
4. Gee vir party leerders 'n voorwerp of prent uit die houer sonder om dit vir die ander leerders te wys. Hulle moet die woord baie stadig sê en kyk of die ander leerders kan raai wat hulle sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 38 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- 'n Fotokopie van die **Winkeltrollie-aktiwiteitsblad** vir elke leerder, winkelbrosjures, skêre, gom

Stella sê:



*Vra jou plaaslike kruidenierswarewinkel vir 'n winkelbrosjure vir elke leerder. Winkels is dikwels behulpsaam as hulle die opvoedkundige doel begryp. Elke leerder in die klas moet verkieslik hulle eie afskrif van die dieselfde brosjure hê.*

Stella sê:



*Nadat jy verskillende soorte werk beskryf het en vir die leerders die fokusklanke gegee het, kan hulle (indien hulle selfversekerd genoeg voel) beurte neem om 'n werk te beskryf en die fokusklank te gee. Ander leerders kan probeer raai watter werk dit is.*



# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1. Vra die leerders om deur die winkelbrosjures te blaai.
2. Moedig hulle aan om die etikette te "lees" en die items te benoem wat hulle in die brosjure sien.
3. Vra die leerders om iets spesifieks in die brosjure te soek. Byvoorbeeld: *"Kan julle enige gesonde kos vind? Watter kos moet 'n mens in die yskas hou? Kan julle enige prente van groente vind?"*
4. Vra die leerders om deur die brosjure te blaai en dinge te kies wat hulle wil "koop".
5. Verduidelik dat hulle die items moet uitknip en in hulle trollie moet plak.
6. Wanneer die groep klaar is, laat hulle in pare sit en gesels oor die items in hulle trollies.



### Luister vir fokusklanke

1. Verduidelik vir die leerders dat jy verskillende soorte werk wat mense doen, gaan beskryf en hulle moet dan raai wat die naam van die werk is. Jy sal vir hulle die fokusklank gee om hulle te help. *"Mnr. Ibrahim verkoop items. Die naam van sy werk begin met die klank /**w**/ … (winkelier). Ek werk by 'n skool en help jou om te leer. Die naam van my werk begin met die klank /**o**/ … (onderwyser)."*
2. Hier is nog voorbeelde: *"Iemand wat:*
   - *by 'n hospitaal werk en wie se werk met /**v**/ begin, is 'n …"* (verpleër)
   - *by 'n hospitaal werk en wie se werk met /**d**/ begin, is 'n …"* (dokter)
   - *brande blus en wie se werk met /**b**/ begin, is 'n …"* (brandbestryder)
   - *pype wat lek regmaak en wie se werk met /**l**/ begin, is 'n …"* (loodgieter)
   - *siek diere help en wie se werk met /**v**/ begin, is 'n …"* (veearts)
   - *kos by 'n restaurant bedien en wie se werk met /**k**/ begin, is 'n …"* (kelner)
   - *na ons tande kyk en wie se werk met /**t**/ begin, is 'n …"* (tandarts)
   - *groente kweek en verkoop en wie se werk met /**b**/ begin, is 'n …"* (boer)
   - *huise bou en wie se werk met /**b**/ begin, is 'n …"* (bouer)

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 39 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- 'n Groot vel papier met die opskrif "Sokkies se nuwe avontuur", 'n dik swart merkpen
- 'n Sokkie-handpop wat soos Sokkies lyk
- 'n Sakkie met voorwerpe of prente vir enige van die meerlettergrepige woorde uit die storie: mamma, pappa, Sokkies, winkel, pasteitjies, krummels

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Sê vir die leerders: *"Dink julle Sokkies het soet by die huis gebly nadat hy huis toe gebring is? Nee! Sokkies is mos mal daaroor om in die strate rond te loop, of hoe? Om die waarheid te sê, Sokkies het die volgende dag nog 'n avontuur gehad. Waarheen dink julle het Sokkies gegaan? Wat dink julle het met hom gebeur?"*
2. Verduidelik vir die leerders dat julle nou nog 'n storie gaan skryf oor Sokkies wat op 'n avontuur gaan. Sê vir hulle: *"Kom ons skryf ons eie storie. Kom ons dink saam. Begin die storie in die dag of in die aand? Waar is Sokkies? Wie is saam met hom?"* Nadat die leerders idees oor die begin van die storie gedeel het, bespreek en kom ooreen oor wat jy gaan skryf. Skryf hulle woorde neer. Jy kan begin met die woorde: "Eendag was daar" of "Eendag".
3. Sê vir die leerders: *"Ons het nou die begin van ons storie geskryf. Wie het idees oor wat volgende gaan gebeur?"* Luister na 'n paar idees, en onderhandel dan met die leerders oor die gebeure in die storie. Skryf die leerders se woorde neer, en lees dan weer die storie van die begin af.
4. Sê dan: *"Nou moet ons dink hoe die storie gaan eindig. Wat dink julle het volgende met Sokkies gebeur? Wie het enige idees oor die einde van ons storie?"* Skryf die leerders se woorde neer, en sluit dan af met die woorde "Die Einde". Lees die storie van die begin af, en wys na elke woord terwyl jy lees.
5. As daar tyd is, kan jy 'n paar leerders vra om die storie te illustreer. Plak die storie teen die muur.




Stella sê:



*As 'n uitbreiding van hierdie aktiwiteit kan die leerders oefen om kort woorde in foneme op te breek. Voeg 'n paar voorwerpe of prente van eenlettergrepige woorde by, soos: brood, melk, hond, stert. Dit is moeiliker om hulle op te breek, omdat die leerders vir enkelklanke (foneme) moet luister. Byvoorbeeld: b-r-oo-d, m-e-l-k, h-o-n-d, s-t-e-r-t.*

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)



1. Verduidelik vir die leerders dat Sokkies (die sokkie-handpop) in die sakkie met voorwerpe of prente van meerlettergrepige woorde gaan kyk en 'n woord gaan sê deur dit op te breek, byvoorbeeld: **win | kel**. Die leerders moet dan raai wat Sokkies sê.
2. Nadat jy dit met 'n paar woorde gedoen het, vra of enige van die leerders die sokkie-handpop wil aansit en in die sakkie wil kyk. Hulle kan voorgee om Sokkies te wees en die woord sê deur dit op te breek. Die ander leerders moet raai wat hulle sê.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 40 2021/11/28 21:31

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

<table>
<tr><th>Jy benodig</th><th>Aktiwiteite</th></tr>
<tr><td>

- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Groot vetkryte




</td><td>

***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**

1 Skryf voor die les "My troeteldier" boaan elke leerder se skoon bladsy.
2 Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".
3 Vra die leerders: *"Het julle 'n hond soos Sokkies of enige ander troeteldier by die huis?"* Vra die leerders om hulle troeteldier, of enige troeteldier wat hulle graag sou wou hê, te teken. Vra hulle of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf.
4 Lewer kommentaar of vra 'n vraag oor die tekening, soos: *"Dis 'n vet kat!"*, of *"Swem jy graag saam met jou hond? Dit is seker groot pret! Wat 'n pragtige tekening en jy het so mooi geskryf."*
5 As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf.
6 Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê. Onthou om netjies en duidelik te skryf.
7 Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings.


</td></tr>
<tr><td>

- 6 eierhouers met 'n letter op elke deksel geplak
- Letterprentkaarte vir ses letters

</td><td>

***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**

1 Skommel die letterprentkaarte en sit hulle onderstebo op die tafel neer.
2 Gee vir elke leerder 'n eierhouer.
3 Die leerders neem beurte om 'n kaart op te tel, die naam van die prent te sê en die kaart dan in die regte eierhouer te plaas.
4 Die leerder wie se eierhouer eerste vol is, is die wenner.




</td></tr>
<tr><td>

- Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures



</td><td>


***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**

1 Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.
2 Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.
3 Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.
4 Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig.

</td></tr>
</table>



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 41 2021/11/28 21:31


| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n A5-templaat van die letter "**u**" vir elke leerder<br>• Groot vetkryte | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Gee vir elke leerder 'n lettertemplaat en vetkryte.<br>**2** Die leerders moet die templaat vul deur die letter "**u**" in verskillende kleure te skryf.<br> |
| • Rekwisiete: 'n tafel, verskillende groottes leë koshouers, kamma-geld, bokse, inkopiesakke, papier en potlode, ou rekenaar of sleutelbord, 'n telefoon, speelgoedhamer, beitel, verfkwas, spykers, houtplank | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle "winkel-winkel" gespeel het. Die leerders kan voorgee om die winkelier en kopers te wees. Iemand kan ook die boekhouer wees of voorgee om 'n bouer of verwer te wees met gereedskap om aan mnr. Ibrahim se winkel te werk.<br>**2** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 42 2021/11/28 21:31


# ★ Die paddavissie

## Storie



Pietie die paddavissie woon in ’n dammetjie saam met sy ouboet, Frikkie. Pietie was ’n gelukkige paddavissie wat die heel dag in die dammetjie rondgeswem het. Pietie het ’n groot droom gehad: Hy wou graag soos sy ouboet Frikkie kon spring. “Ek’s ’n paddavis, ek is rond en ek is klein. ’n Paddavis, in die dam hier in die tuin. Maar ’n padda wil ek wees, glo vir my dis waar. Soos ’n padda wil ek spring, van ’n klip tot op ’n blaar,” sing klein Pietie.

“Kan jy my asseblief leer om net soos jy te spring?” vra Pietie vir sy ouboet. Frikkie sê: “Moenie bekommerd wees nie, Pietie, jy sal binnekort net soos ek kan spring. Kyk, jou agterpote het al gegroei!” Pietie is baie tevrede met sy agterpote en vra: “Kan jy my asseblief leer om met my agterpote te spring?” Frikkie sê: “Moenie bekommerd wees nie, Pietie, jy sal binnekort net soos ek kan spring. Maar wag eers tot jou voorpote gegroei het!”



Pietie wag en wag en ná ’n ruk sien hy sy voorpote het gegroei. “Kyk! Ek het nou voorpote! Kan jy my asseblief leer om soos jy te spring?” vra hy opgewonde. “Jy sal binnekort net soos ek kan spring,” sê Frikkie. “Wag net tot jou lang stert amper heeltemal weg is.”

Pietie swem rond en sing sy liedjie en wag vir sy stert om weg te gaan. Eendag, terwyl hy op die dammetjie ronddryf, kom ’n yslike vis met ’n groot mond en skerp tande na hom toe aangeswem. Pietie is vreeslik bang. Hy weet hierdie groot vis wil hom opeet! Pietie swem so vinnig as wat hy kan weg.

Sy voorpote en agterpote voel baie sterk en hy besef skielik sy stert is nie meer in sy pad nie. Pietie swem so vinnig as wat hy kan weg van die groot vis af na die kant van die dammetjie. En toe, sonder dat hy dit eens agterkom, trek Pietie deur die lug en land op ’n klip.

“Mooi so, Pietie!” roep Frikkie en hop opgewonde op en af. “Jy het so pas geleer om te spring! Jy is nou ook ’n padda, nes ek.” Pietie is baie bly. Sy wens het waar geword!

***Fluit-fluit, my storie is uit.***



## Liedjie




Ek's 'n paddavis,
Ek is rond en ek is klein.
'n Paddavis,
In die dam hier in die tuin.
Maar 'n padda wil ek wees,
Glo vir my dis waar.
Soos 'n padda wil ek spring,
Van 'n klip tot op 'n blaar.

*(Sing op die wysie van "Die kat kom weer" of gebruik jou eie wysie.)*

## Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **padda** | **paddavis** | **dammetjie** | **spring** | **agterpote** | **voorpote** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | stert | skerp | rond | groei | wens | ouboet |
| | klip | blaar | dryf | swem | bang | tande |






Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 44 2021/11/28 21:31

**Ek wikkel my vingers**
Ek wikkel my vingers
Ek wikkel my lyf
Ek wikkel my tone
En ek's nie meer styf!
So kom nou maatjies! [klap op kom]
Ek sê julle wat –
Ons almal gaan sit nou soet op die mat.

**Jy benodig:**

- Storie: *Die paddavissie*
- Handpoppe: Pietie, Pietie met agterpote, Pietie met voor- en agterpote, Frikkie, vis, klip
- Rekwisiete: 'n klip, groen papier wat in die vorm van 'n waterlelieblaar geknip is, blou lap vir die dammetjie
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Ek wikkel my vingers* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Het julle al ooit 'n paddavissie gesien? Waar kom paddavissies vandaan? Het julle al ooit 'n padda gesien? Waar woon paddavissies en paddas? Kan julle soos 'n padda kwaak? Weet julle hoe 'n padda swem?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld: Wys vir hulle prente van dammetjies. Indien moontlik, kan jy paddavissies vang om vir die leerders te wys hoe hulle lyk.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Hoe dink julle het Pietie gevoel toe hy die groot vis sien? Wat dink julle gaan volgende gebeur?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie? Is daar iets wat julle grootboeties of -sussies kan doen wat julle ook wil kan doen? Wat kan julle nou doen wat julle nie voorheen kon doen nie, en waarop julle trots is?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"Pietie, paddavissie, pad, pote. Kan julle die fokusklank hoor?* ***P****ietie,* ***p****addavissie,* ***p****ad,* ***p****ote. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /****p****/."*
2. *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /****p****/ begin: piesang, pen, potlood, perd, pop."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**p**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**p**/ te sê: "**p-p-p**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **p** ("pee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 45 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie




# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ʼn nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê ʼn paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**p**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**p**/ begin.
2. Leer vir hulle ʼn aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan hulle wysvingers heen en weer swaai en "**p-p-p-pasop!**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **p** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ʼn groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol en gaan regaf. Dan op en om in die rondte."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ʼn stok in die sand te skryf en daarop te loop.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 46 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **p** begin: piesang, pen, potlood, perd, pop, pyp, perske, pan, prop, pampoen, peper



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Vra hulle om hierdie aksiewoorde uit te voer: "spring" en "swem". Jy kan hulle ook wys hoe iets ligs ('n blaar) op water dryf.
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Vra die leerders om voorwerpe te vind wat een van die fokusklanke het. Byvoorbeeld: *"Kan julle iets vind wat met die klank /***p***/ begin?"* Elke leerder moet dan die voorwerp benoem, die fokusklank sê en die voorwerp in die regte letterhouer sit.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 47 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*


- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*

# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1 Sing weer die liedjie.
2 Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3 Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4 Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5 Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6 Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7 Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8 Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke



1 Hierdie speletjie moet verkieslik buite gespeel word waar daar 'n oop ruimte is. Die leerders moet "rondswem" totdat hulle jou hoor kwaak of fluit. Wanneer hulle jou sein hoor, moet hulle 'n groep vorm met die vyf leerders wat die naaste aan hulle is.
2 Wanneer die leerders in hulle groepe is, gee jy vir elke groep 'n ander klank, en elke leerder in die groep moet aan 'n woord dink wat met daardie klank begin. Wanneer hulle almal 'n woord het, moet hulle op en af spring. Luister na hulle woorde, maak seker dit is korrek en gee dan vir hulle een punt.
3 Nadat die groep hulle woorde gegee het, moet die leerders weer "rondswem", maar in hulle groepe bly. Wanneer jy 'n sein gee, moet hulle ophou "swem" en dan gee jy vir elke groep 'n nuwe klank. Die speletjie kan voortgaan totdat 'n groep vyf punte het.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 48 2021/11/28 21:31

## Jy benodig:

- 'n Groot vel papier
- Koki-penne
- Speeldeeg vir elke leerder
- Skoon A4-papier
- Groot vetkryte
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: dammetjie, ouboet, paddavis, asseblief, voorpote, yslike, tande, vreeslik

# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1 Gesels met die leerders oor die lewensiklus van 'n padda en herinner hulle hoe Pietie uit 'n eier gebroei het, 'n paddavissie geword het, en uiteindelik 'n padda geword het.

2 Teken 'n prent van eiers, 'n paddavissie en 'n padda. Vra die leerders om elke deel van die lewensiklus te beskryf terwyl jy byskrifte by die tekening voeg (eiers, paddavissie, padda). Trek pyle van een deel van die lewensiklus na die volgende.

3 Verduidelik vir die leerders dat hulle die eiers, paddavissie en padda met speeldeeg gaan maak.

4 Wanneer hulle dit klaar gedoen het, kan hulle die lewensiklus teken en byskrifte byvoeg.



Stella sê:



*Hierdie aktiwiteit kan in enige taal gedoen word, aangesien dit fokus op die aanleer van die vaardigheid om woorde in lettergrepe te verdeel. Om meertaligheid te bevorder en erkenning aan die leerders se huistale te gee, kan jy die aktiwiteit ook met meerlettergrepige woorde uit ander tale doen.*

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1 Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **pad | da | vis**.

2 Sê vir een van die leerders dat hulle gaan voorgee om 'n padda te wees. Vra die padda om op elke lettergreep te spring: **pad** (een sprong) **da** (een sprong) **vis** (een sprong). Die leerders moet dan die lettergrepe saamvoeg om 'n woord te sê: **pad | da | vis = paddavis**.

3 Vra die padda om weer te spring. Hierdie keer moet die leerders klap elke keer as die padda spring.

4 Sê nog 'n woord uit die lys en vra die leerders om dit in lettergrepe te verdeel. Die padda moet op elke lettergreep spring terwyl die klas klap.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 49 2021/11/28 21:31

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

<table>
<tr><th>Jy benodig</th><th>Aktiwiteite</th></tr>
<tr><td>

- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Groot vetkryte






*Die leerders sal dalk teen hierdie tyd van die jaar meer selfvertroue hê om self te probeer skryf. Moenie bekommerd wees as party leerders 'n lang string letters sonder spasies skryf nie.*

</td><td>

***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**

1. Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.
2. Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".
3. Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.
4. Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.
5. Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.
6. Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.
7. As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf.
8. Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.
9. Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings.

</td></tr>
<tr><td>

- Letterprentkaarte
- Goedkoop vlieëplakke (jy kan dit maak met 'n papierbord of jogurtdeksel wat op die punt van 'n stok geplak is)

</td><td>

***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**



1. Plaas die letterprentkaarte op die tafel met die prentkant na bo. Sit die letters onderstebo neer.
2. Elke leerder moet 'n beurt neem om 'n letterkaart om te draai en die klank te sê wat die letter maak.
3. Al die leerders in die groep moet 'n prent probeer vind wat by die klank pas en dit dan met die vlieëplak slaan.

</td></tr>
<tr><td>

- Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures



</td><td>



***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**

1. Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.
2. Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.
3. Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.
4. Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig.

</td></tr>
</table>



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 50 2021/11/28 21:31

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Halwe papierbord vir elke leerder; swart koki-pen; rooi strook papier; twee groen, wit en swart sirkels vir elke leerder<br>• Gom en skêre<br>• Groen papier of groot groen vetkryte | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n padda gaan maak. Hulle moet stroke groen papier skeur en dit op die papierbord plak of die vetkryt gebruik om die bord groen in te kleur.<br>**2** Hulle kan dan die oë opplak, 'n mond teken en 'n papierstrook vir 'n tong opplak.<br> |
| • Rekwisiete: groen papier in sirkels geknip (waterlelieblare), klippies, blou vilt of lap vir die water, stompe en stokkies, speeldeeg- of plastiekpaddas, klippies met 'n swart kol vir die paddaeiers of borrelpapier met 'n swart kol, potplante, plastiekskoenlappers en -visse (of prente uit tydskrifte geknip) | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die materiale om 'n dammetjie mee te maak. Verduidelik vir hulle dat hulle die dammetjie gaan maak en dan met die goggas en diertjies gaan speel wat in en om die dammetjie woon: paddas, visse en skoenlappers.<br> |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 51 2021/11/28 21:31

Jy benodig:

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Gee vir elke leerder 'n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.
6. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.
7. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees". Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend

1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"asseblief, agterpote, amper, af. Kan julle die fokusklank hoor? **A**sseblief, **a**gterpote, **a**mper, **a**f. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**a**/."*
2. *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**a**/ begin: appel, agter, altyd, akker, adder, adres, ambulans."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**a**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**a**/ te sê: "**a-a-a**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **a** ("aah"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 52 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Die paddavissie*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek



**1** Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.

**2** Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".

**3** Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.

**4** Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.

**5** Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.


**6** Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter

**1** Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**a**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**a**/ begin.

**2** Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle 'n appel hap en "**a-a-a-appel**" sê.



**3** Wys vir die leerders hoe om die letter **a** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, in die rondte om, maak die sirkel toe, dan op en af."*

**4** Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.

**5** Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letter oor en oor met water op plaveisel verf.

**6** Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 53 2021/11/28 21:31

## Jy benodig:

- Glasflesse met verskillende hoeveelhede water gevul (jy kan koskleursel byvoeg om die aktiwiteit interessanter te maak)
- Stokkies of potlode
- Spieëltjie
- Stukke appel in 'n plastiekhouer
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **a** begin: appel, akker, ambulans, agt, albaster, alfabet, almanak, appelkoos, appelliefie, aspersie, asyn

# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

**1** Verduidelik vir die klas dat hulle goed moet luister terwyl jy met 'n stokkie of potlood teen elke fles tik.

**2** Vra die leerders of die klanke dieselfde is of nie. Watter fles maak 'n hoë klank, en watter maak 'n lae klank?

**3** Vra of enige van die leerders die verskillende flesse wil tik om te luister na die klanke wat hulle maak.

**4** Probeer om 'n patroon te tik en vra of een van die leerders die patroon kan naboots.



### Letterhouers



**1** Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en prente in die letterhouer een op 'n slag. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.

**2** Vra die leerders om die naam van elke voorwerp of prent te sê en die fokusklank te beklemtoon.

**3** Sê vir die leerders dat daar wonderlike woorde is wat met die klank /**a**/ begin. Druk jou hand in die plastiekhouer om 'n appelstuk uit te haal en sê: *"**A**brakadabra, wat het ek hier? **A**llamapstieks! Dis 'n **a**llemintige stuk **a**ppel!"*

**4** Gee vir elke leerder 'n stuk appel. Hulle moet die fokusklank /**a**/ vir "appel" sê en dan die appel proe – dit is soet, krakerig en sappig.

**5** Gebruik 'n spieël sodat die leerders kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.

**6** Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 54 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**


- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Groot vetkryte

# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1. Vra die leerders om na die lys op die aktiwiteitsblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien (getalle, prente en woorde).
2. Vertel vir hulle dat hulle nou 'n prettige aktiwiteit met die naam "Lees en doen" gaan doen. Hulle moet elke reël "lees" en dan in die oop ruimte op die bladsy doen wat dit sê.
3. Lees die eerste reël saam: Die leerder moet een klip teken.
4. Vra of enige leerders kan "lees" wat hulle volgende op die lys moet doen: Hulle moet twee paddas teken.
5. Die leerders moet so voortgaan met al die instruksies.
6. Help leerders indien hulle sukkel om die instruksies te lees.




### Luister vir fokusklanke



1. Hierdie speletjie moet verkieslik buite gespeel word waar daar 'n oop ruimte is. Die leerders moet "rondswem" totdat hulle jou hoor kwaak of fluit. Wanneer hulle jou sein hoor, moet hulle 'n groep vorm met die vyf leerders wat die naaste aan hulle is.
2. Wanneer die leerders in hulle groepe is, gee jy vir elke groep 'n ander klank, en elke leerder in die groep moet aan 'n woord dink wat met daardie klank begin. Wanneer hulle almal 'n woord het, moet hulle op en af spring. Luister na hulle woorde, maak seker dit is korrek en gee dan vir hulle een punt.
3. Nadat die groep hulle woorde gegee het, moet die leerders weer "rondswem", maar in hulle groepe bly. Wanneer jy 'n sein gee, moet hulle ophou "swem" en dan gee jy vir elke groep 'n nuwe klank. Die speletjie kan voortgaan totdat 'n groep vyf punte het.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 55 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Prente van besoedelde water en skoon riviere, damme en poele/ dammetjies
- Blaaibordpapier, swart merkpen
- Groot vetkryte
- Plastieksakke, velle papier
- 'n Lys meerlettergrepige woorde uit die storie: dammetjie, ouboet, paddavis, asseblief, voorpote, yslike, tande, vreeslik

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1 Wys vir die leerders prente van besoedelde water en skoon riviere, damme en poele. Vra hulle of hulle al ooit 'n skoon rivier of 'n vuil rivier gesien het. Vra: *"Waar dink julle sal Pietie die paddavissie graag wil woon? Hoekom moet hy in skoon water woon? Wat gebeur met paddavissies en paddas as riviere en damme besoedel raak? Hoe raak riviere, damme en poele besoedel?"*

2 Verduidelik vir die leerders dat hulle jou gaan help om 'n plakkaat te maak om vir mense te vertel wat hulle moet doen om riviere skoon te hou vir paddas, visse en ander diere. Vra die leerders vir voorstelle oor wat julle op die plakkaat kan skryf. Byvoorbeeld: "Red die paddas – moenie plastieksakke en glas in die water gooi nie!"; "Paddas moet skoon water hê, net soos ons – hou ons riviere skoon." Vra die leerders wat ons met rommel moet doen en waar dit gegooi moet word. Skryf duidelik in drukskrif en gebruik kleinletters. Vra die leerders om prente te teken om op die plakkaat te plak. Party leerders kan papier opskeur of plastieksakke opknip om stukkies op die plakkaat te plak.

3 Plak die voltooide plakkate teen die muur naby die klaskamerdeur en moedig die leerders aan om dit vir hulle ouers te "lees" wanneer hulle hulle by die skool kom haal.

Stella sê:



*Hierdie aktiwiteit kan in enige taal gedoen word, aangesien dit fokus op die aanleer van die vaardigheid om woorde in lettergrepe te verdeel. Om meertaligheid te bevorder en erkenning aan die leerders se huistale te gee, kan jy die aktiwiteit ook met meerlettergrepige woorde uit ander tale doen.*

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)



1 Vra die leerders om op die mat te sit. Sê een van die woorde uit die lys van meerlettergrepige woorde en vertel vir hulle hoe om dit in lettergrepe te verdeel, byvoorbeeld: **pad | da | vis**.

2 Sê vir een van die leerders dat hulle gaan voorgee om 'n padda te wees. Vra die padda om op elke lettergreep te spring: **pad** (een sprong) **da** (een sprong) **vis** (een sprong). Die leerders moet dan die lettergrepe saamvoeg om 'n woord te sê: **pad | da | vis = paddavis**.

3 Vra die padda om weer te spring. Hierdie keer moet die leerders klap elke keer as die padda spring.

4 Sê nog 'n woord uit die lys en vra die leerders om dit in lettergrepe te verdeel. Die padda moet op elke lettergreep spring terwyl die klas klap.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 56 2021/11/28 21:31

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br>• Prente van dammetjies en goggas en diertjies wat in en om dammetjies woon<br> | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Gesels oor die goggas en diertjies wat in en om dammetjies woon. Watter ander goggas en diertjies kan Pietie moontlik in en om sy dammetjie teëkom? ('n skoenlapper, 'n by, 'n akkedis, 'n sprinkaan, 'n slang, 'n voël)<br>**2** As jy boeke met prente van dammetjies het, kan jy dit vir die leerders gee sodat hulle daardeur kan blaai.<br>**3** Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n prent van 'n dammetjie moet teken en byskrifte vir die goggas en diertjies moet byvoeg. |
| • Letterprentkaarte<br>• Goedkoop vlieëplakke (jy kan dit maak met 'n papierbord of jogurtdeksel wat op die punt van 'n stok geplak is) | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br><br>**1** Plaas die letterprentkaarte op die tafel met die prentkant na bo. Sit die letters onderstebo neer.<br>**2** Elke leerder moet 'n beurt neem om 'n letterkaart om te draai en die klank te sê wat die letter maak.<br>**3** Al die leerders in die groep moet 'n prent probeer vind wat by die klank pas en dit dan met die vlieëplak slaan. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |
| • 'n Fotokopie van die **Speeldeeg-aktiwiteitsblad**, gelamineer of in 'n plasiekomhulsel geplaas<br>• Speeldeeg | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle die patrone moet bedek met speeldeeg wat in lang wurms gerol is.<br>  |
| • Rekwisiete: groen papier in sirkels geknip (waterlelieblare), klippies, blou vilt of lap vir die water, stompe en stokkies, speeldeeg- of plastiekpaddas, klippies met 'n swart kol vir die paddaeiers of borrelpapier met 'n swart kol, potplante, plastiekskoenlappers en -visse (of prente uit tydskrifte geknip) | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle 'n dammetjie gemaak het en met die goggas en diertjies, byvoorbeeld paddas, visse en skoenlappers, gespeel het.<br> |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 57 2021/11/28 21:31

# Emma en die plantdiewe

## Storie



Emma woon in ’n klein huis met ’n tuin. Eendag kom sy baie opgewonde van die skool af huis toe. Sy trek haar oorpak en rubberstewels aan, sit ’n hoed op haar kop en sê: “Mamma, Pappa, kyk!”

“Hoekom het jy daardie klere aan, Emma?” vra haar pappa. “Ek wil my eie groente kweek,” sê sy opgewonde. “Dit klink na ’n baie goeie plan,” sê haar mamma. Emma en haar pappa kies ’n plek in hulle tuin waar Emma haar groentetuin kan begin.

Emma en haar pappa werk saam in die tuin. Hulle gebruik ’n tuinvurk om die harde grond los te maak. Dit help om die grond sag te maak sodat hulle saadjies daarin kan plant. Die volgende middag plant hulle wortel-, tamatie-, spinasie- en boontjiesaadjies. Emma is elke dag baie opgewonde om ná skool huis toe te gaan om haar tuin water te gee nie.

Maar eendag kom Emma by die huis aan en sien die bokke in die tuin besig om haar plante te eet. Emma jaag hulle weg. “Mamma! Pappa! Die bokke het my groenteplante geëet!” roep sy. “Hulle het ’n groot gemors gemaak!” Emma dink ’n bietjie en sê toe: “Kom ons bou ’n heining om die tuin.” Haar pappa dink dit is ’n goeie plan en hulle bou ’n heining.

Maar dit was nie die einde van Emma se probleme nie. Die koeie was slim genoeg om die tuinhekkie met hulle horings oop te maak! “Mamma! Pappa!” roep sy. “Die koeie eet my groente!” Haar pappa kom jaag die koeie weg. Emma dink ’n bietjie. “Kom ons sluit die hek met ’n slot,” sê sy. Haar pappa gaan haal ’n slot en sluit die hek daarmee.

Emma het nou die probleem met die bokke en die koeie opgelos, maar toe sien sy dat die voëls ook die plante in haar tuin eet. “Ek weet,” sê Emma. “Kom ons sit ’n net oor die groentetuin en maak dit vas sodat die voëls nie by die groente kan kom nie.” En hulle maak toe so.


Die plante in Emma se tuin het gegroei en gou was die groente gereed om gepluk te word. Emma help haar mamma om heerlike sop met die wortels, tamaties, spinasie en boontjies te maak en die hele gesin geniet ’n maaltyd uit Emma se tuin. “Mooi so, Emma, jy het regtig hard gewerk,” sê haar mamma. Emma voel baie trots.

***Fluit-fluit, my storie is uit.***






Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 58 2021/11/28 21:31



## Liedjie

Spinasie groen, tamaties rond,
Alle groente is gesond.
Ek eet dit vars, ek eet dit gaar,
Dis goed vir my, ja dit is waar.
Spinasie groen, tamaties rond,
Maak my lyfie so gesond!



*(Sing op die wysie van "Twinkle Twinkle little star" of gebruik jou eie wysie.)*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **groente** | **saadjies** | **bok** | **oorpak** | **rubberstewels** | **grond** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | sop | gemors | horing | slot | wortels | boontjies |
| | spinasie | tamatie | heining | koei | net | hek |



a b c



**Jy benodig:**

- Storie: *Emma en die plantdiewe*
- Handpoppe: Emma, oorpak en rubberstewels, Pappa, bok, koei, gieter, gedeelte van tuin en heining
- Rekwisiete: rubberstewels; hoed; grond; slot; net; pakkies wortel-, tamatie-, spinasie- en boontjiesaadjies; vars wortels, tamaties, spinasie en 'n paar groenboontjies
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Ek wikkel my vingers* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Ek wikkel my vingers**
Ek wikkel my vingers
Ek wikkel my lyf
Ek wikkel my tone
En ek's nie meer styf!
So kom nou maatjies! [klap op kom]
Ek sê julle wat –
Ons almal gaan sit nou soet op die mat.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Het julle al ooit iets in 'n tuin geplant of in 'n tuin gewerk? Het die plante gegroei? Het julle enige probleme gehad met diere wat julle plante kom eet het?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld: Wys vir hulle groentesaadjies in pakkies of saadjies wat jy uitgedroog het (soos pampoensade of mieliesade). Bring 'n slot en sleutel klas toe en wys vir die leerders hoe om dit toe te sluit en oop te sluit.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Wat moet Emma eerste doen om haar tuin te maak? Wie is die plantdiewe? Hoe kan Emma die diere uit die tuin hou?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"kweek, klein, koeie, kop, klere. Kan julle die fokusklank hoor? **K**week, **k**lein, **k**oeie, **k**op, **k**lere. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**k**/."*

**2** *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**k**/ begin: kat, kam, kers, koek, kar, koppie, kaartjie."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**k**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**k**/ te sê: "**k-k-k**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **k** ("kaa"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 60 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie




# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle ’n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê ’n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter




1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**k**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**k**/ begin.
2. Leer vir hulle ’n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle koek eet, en “**k-k-k-koek**” sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **k** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan ’n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *“Begin by die kol en gaan regaf. Lig en maak ’n been na links en ’n been na regs af.”*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met ’n stok in die sand te skryf en daarop te loop.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 61 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **k** begin: kat, kam, kers, koei, koek, kar, koppie, kaartjie, kaas, klip, knoop



# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1. Sing die liedjie.
2. Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: *"Kan julle onthou watter klere Emma gedra het toe sy in die tuin gewerk het?"* (rubberstewels, oorpak)
3. Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.
4. Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.
5. Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.
6. Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.
7. As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

1. Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.
2. Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*
3. Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.
4. Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.
5. Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.
6. Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.
7. Gee vir party van die leerders 'n voorwerp en sê dan een van die klanke. Vra al die leerders wat 'n voorwerp het wat met daardie klank begin om vorentoe te kom en die voorwerp in die regte letterhouer te sit.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 62 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Prente van groente of regte groente
- 'n Pot en houtlepel

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*



# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die liedjie.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke

1. Laat die leerders in 'n kring sit en vertel vir hulle dat julle winkels toe gaan om items te koop om 'n groentesop of groentebredie vir middagete te maak. Plaas 'n pot vir die groente en prentkaarte of regte groente in die middel van die kring.
2. Vra 'n leerder om 'n prent of een van die groente te vind wat met die klank /**k**/ begin (byvoorbeeld, kool) en dit in die pot te sit. Vra dan nog 'n leerder om iets te vind wat met /**w**/ begin (byvoorbeeld, wortel) en dit in die pot te sit. Gaan so voort totdat al die prente of groente in die pot is.
3. Vra die leerders wat 'n mens nog benodig om sop te maak – iets wat met die klank /**w**/ begin (water). Ons kan ook iets byvoeg wat met /**s**/ begin (sout). Gee voor dat jy water byvoeg, en kook, roer en proe die sop.
4. Vra die leerders of hulle kan onthou watter groente jy gebruik het om die sop te "maak". As hulle sukkel om te onthou, kan jy vir hulle 'n leidraad gee deur die eerste klank van die woord te sê. Byvoorbeeld: *"Ons het 'n soort groente bygevoeg wat met die klank /**p**/ begin. Ja, 'n patat."*

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 63 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- 'n Fotokopie van die **Emma se koei-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Roomysstokkies of stokkies, skêre, gom
- Groot vetkryte
- 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Prentkaarte van meerlettergrepige woorde uit die storie: groente, oorpak, tuinvurk, wortel, tamatie, spinasie, boontjies, heining (Voeg nog prente van groente uit winkelbrosjures by.)
- 'n Materiaalsakkie, bordkryt of merkpen, speelmunte, wondergom

# Week 1 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite


### Maak, teken en skryf

1. Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n groentetuin gaan maak soos die een in die storie "Emma en die plantdiewe".
2. Hulle kan begin deur die groente wat in die tuin groei en ook die lug te teken. Hulle kan dan die prent van die koei uitknip en dit langs die groentetuin plak. Vra die leerders: *"Wat het jy nodig om te keer dat die koei die groente eet? Ja, 'n heining!"*
3. Die leerders kan dan roomysstokkies of stokkies op die bladsy plak om 'n heining te maak.




### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1. Teken 'n **Sê-en-skuif-**bord op 'n vel blaaibordpapier of op 'n bord in jou klaskamer.
2. Sit die prentkaarte in 'n materiaalsakkie en vra 'n leerder om 'n meerlettergrepige prentkaart uit die sakkie te haal en dit in die groot reghoekige ruimte op die **Sê-en-skuif-**bord te plak.
3. Vra nou die leerder om die prent te benoem. Rek die woord uit, of sê dit stadig, om hulle te help om elke lettergreep in die woord te hoor. Gee vir die leerder speelmunte en help hulle om elke keer wat hulle 'n lettergreep sê, 'n speelmunt na 'n blokkie te skuif.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

<table>
<tr><th>Jy benodig</th><th>Aktiwiteite</th></tr>
<tr><td>

- ’n Skoon A4-bladsy vir elke leerder
- Groot vetkryte






*Die leerders sal dalk teen hierdie tyd van die jaar meer selfvertroue hê om self te probeer skryf. Moenie bekommerd wees as party leerders ’n lang string letters sonder spasies skryf nie.*

</td><td>

***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**

1. Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.
2. Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam “lees”.
3. Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak ’n paar voorstelle.
4. Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.
5. Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.
6. Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.
7. As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf.
8. Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.
9. Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te “lees” nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings.

</td></tr>
<tr><td>

- Twee kopieë van prente van wortels, tamaties, spinasie, boontjies en ander groente (jy kan dit uit ’n winkelbrosjure knip en op karton plak)




*Dit is ’n goeie idee om ’n gekleurde kol op die agterkant van een stel kaarte te maak sodat die leerders weet hulle moet een kaart met ’n kol en een kaart sonder ’n kol optel om ’n paar te vind.*

</td><td>

***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**

1. Verduidelik vir die leerders dat hulle die prente onderstebo gaan neersit en dan twee kaarte gaan optel. As die kaarte bymekaar pas, kan hulle dit hou. As dit nie pas nie, moet hulle die kaarte weer op dieselfde plek neersit.



</td></tr>
<tr><td>

- Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures



</td><td>


***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**

1. Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep ’n stapel boeke.
2. Maak ’n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders ’n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.
3. Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om ’n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.
4. Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig.

</td></tr>
</table>



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 65 2021/11/28 21:31

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Fotokopie van die **Mielie-aktiwiteitsblad** vir elke leerder<br>• Gom, skêre, geel en groen papier | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle geel en groen papier i n klein vierkante moet skeur en die papier op die tekening van die mielieplant moet plak.<br> |
| • Rekwisiete: kratte, inkopielys, inkopiesakke, mandjies, groentebakkies (polistireen), skaal om vrugte en groente te weeg, bord met "Vandag se spesiale aanbod" daarop geskryf, items vir uitverkoping – 10% afslag, bord met "Oop" daarop geskryf, kasregister (kan uit 'n boks gemaak word), verskillende betaalstrokies, geld, vrugte en groente, etikette of plakkers vir pryse, voorskoot vir verkoper | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete. Verduidelik vir hulle dat hulle gaan voorgee om groente by 'n mark of padstalletjie te verkoop.<br>**2** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

1. Vra die leerders om op die mat te sit. Kies ’n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).
2. Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.
3. Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *“Wie kan onthou wat volgende gebeur het?”*
4. Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.
5. Gee vir elke leerder ’n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.
6. Neem die leerders op ’n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.
7. As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir ’n maat in die klas “lees”. Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel ’n klank uit die storie bekend



1. Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *“Emma, net, hek, met. Kan julle die fokusklank hoor? **E**mma, n**e**t, h**e**k, m**e**t. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**e**/.”*
2. *“Luister nou mooi. Hier is ’n paar woorde wat met /**e**/ begin: emmer, engel, enkel, ensovoorts, effens, eksamen.”* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)
3. Sê die klank /**e**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.
4. Vra die leerders om die klank /**e**/ te sê: “**e-e-e**”. Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **e** (“ee”), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 67 2021/11/28 21:31

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Emma en die plantdiewe*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2




## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**e**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**e**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan maak of hulle water met 'n emmer skep terwyl hulle "**e-e-e-emmer**" sê.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **e** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, gaan reguit na regs, stop en gaan in die rondte om."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letter oor en oor met water op plaveisel verf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 68 2021/11/28 21:32

**Jy benodig:**

- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van 'n pen, mes, pet, net, ken, ses, nes, nek, hek, bek, hen, bed

# Week 2 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1 Verduidelik vir die leerders dat jy vir hulle iets uit die storie gaan vertel en hulle moet mooi luister om te besluit of dit waar of onwaar is. As hulle dink dit is waar, moet hulle hul duime ophou, en as hulle dink dit is onwaar, moet hulle hul duime na onder hou. Byvoorbeeld:

- 'n Perd het in Emma se groentetuin ingestap. (onwaar)
- Emma en haar pappa het 'n heining om die groentetuin gebou. (waar)
- Emma het die vrugte in haar tuin gepluk. (onwaar)
- Emma het die groente gebraai. (onwaar)
- Emma het wortels, tamaties, spinasie en boontjies geplant. (waar)
- Emma se mamma het haar gehelp om die tuin te spit en die saadjies te plant. (onwaar)
- Die bokke het 'n gemors in Emma se groentetuin gemaak. (waar)

2 Gaan voort met die speletjie, maar vra die leerders om aan iets uit die storie te dink wat waar of onwaar kan wees.

### Letterhouers

1 Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en prente in die letterhouer een op 'n slag. Bespreek elke voorwerp of prent, sê die woord stadig en beklemtoon die /**e**/-klank. Verduidelik vir die leerders dat hulle vir die /**e**/-klank in die middel van die woord moet luister.

2 Gebruik 'n spieël sodat die leerders kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.

3 Kies 'n voorwerp of prent uit die letterhouer sonder om dit vir die leerders te wys. Sê die woord baie stadig en beklemtoon die middelklank (mmm-e-e-e-sss). Vra die leerders om te raai wat jy sê.

4 Gee vir party leerders 'n voorwerp of prent uit die houer sonder om dit vir die ander leerders te wys. Hulle moet die woord baie stadig sê en kyk of die ander leerders kan raai wat hulle sê.

5 Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 69 2021/11/28 21:32

**Jy benodig:**


- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Groot vetkryte
- Prente van vrugte of regte vrugte, 'n mandjie, 'n bak vir vrugteslaai

# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1. Vra die leerders om na die lys op die aktiwiteitsblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien (getalle, prente en woorde).
2. Vertel vir hulle dat hulle nou 'n prettige aktiwiteit met die naam "Lees en doen" gaan doen. Hulle moet elke reël "lees" en dan in die oop ruimte op die bladsy doen wat dit sê.
3. Lees die eerste reël saam: Die leerders moet drie tamaties teken.
4. Vra of enige leerders kan "lees" wat hulle volgende op die lys moet doen: Hulle moet twee wortels teken.
5. Die leerders moet so voortgaan met al die instruksies.
6. Help leerders indien hulle sukkel om die instruksies te lees.




### Luister vir fokusklanke

1. Laat die leerders in 'n kring sit en vertel vir hulle dat julle winkels toe gaan om items te koop om 'n vrugteslaai vir nagereg te maak. Sit 'n mandjie vir die vrugte en prentkaarte of regte vrugte in die middel van die kring neer.
2. Vra 'n leerder om 'n prent te vind van 'n vrug wat met die klank /**a**/ begin (byvoorbeeld 'n appel) en voor te gee om dit op te sny en in die bak te gooi. Vra dan nog 'n leerder om iets te vind wat met /**p**/ begin (byvoorbeeld pynappel) en voor te gee om dit op te sny en in die bak te gooi. Gaan so voort totdat al die prente in die bak gegooi is.
3. Vra die leerders wat hulle graag nog by die vrugteslaai wil gooi, wat met die klank /**r**/ begin – roomys of room. Gee voor dat jy room of roomys by die vrugteslaai voeg en proe dan aan die heerlike vrugteslaai.
4. Vra die leerders of hulle kan onthou watter vrugte julle gebruik het om die vrugteslaai te "maak". As hulle sukkel om te onthou, kan jy vir hulle 'n leidraad gee deur die eerste klank van die woord te sê. Byvoorbeeld: *"Ons het 'n vrug bygegooi wat begin met die klank /**p**/. Ja, 'n pynappel."*



## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 70 2021/11/28 21:32

**Jy benodig:**

- Blaaibordpapier en merkpen
- Prentkaarte van meerlettergrepige woorde uit die storie: groente, oorpak, tuinvurk, wortel, tamatie, spinasie, boontjies, heining (Voeg nog prente van groente uit winkelbrosjures by.)
- 'n Materiaalsakkie, bordkryt of merkpen, speelmunte, wondergom

# Week 2 Dag 5

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1 Vra die leerders of hulle kan onthou wat die plante in Emma se tuin benodig om te kan groei (son, grond, water). Sê dan: *"Wie kan onthou wat Emma eerste gedoen het toe sy haar tuin gemaak het? (Sy het 'n vurk gebruik om die grond sag te maak.) Wat het sy volgende gedoen?"*

2 Nadat julle al die stappe in die groenteplant-proses bespreek het, vra die leerders om jou te help om dit neer te skryf sodat julle dit kan onthou en dit met ander klasse kan deel.

3 Begin deur te gesels oor die opskrif wat jy boaan die bladsy moet skryf. Byvoorbeeld: "Hoe om groente te plant".


4 Skryf dan "Stap 1" en vra die leerders wat Emma eerste gedoen het. Gaan so voort, en luister goed na die leerders se voorstelle. Besluit saam wat jy gaan skryf. Sê elke woord terwyl jy dit skryf, sodat die leerders kan sien hoe hulle gesproke woorde neergeskryf word.

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

1 Teken 'n **Sê-en-skuif-**bord op 'n vel blaaibordpapier of op 'n bord in jou klaskamer.

2 Sit die prentkaarte in 'n materiaalsakkie en vra 'n leerder om 'n meerlettergrepige prentkaart uit die sakkie te haal en dit in die groot reghoekige ruimte op die **Sê-en-skuif-**bord te plak.

3 Vra nou die leerder om die prent te benoem. Rek die woord uit, of sê dit stadig, om hulle te help om elke lettergreep in die woord te hoor. Gee vir die leerder speelmunte en help hulle om elke keer wat hulle 'n lettergreep sê, 'n speelmunt na 'n blokkie te skuif.




## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.





Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 71 2021/11/28 21:32

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br> | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n tuin gaan teken met verskillende soorte groente wat in die grond groei.<br>**2** Nadat hulle die groente geteken het, kan hulle byskrifte vir die verskillende groente in die tuin skryf, of jou vra om dit namens hulle te skryf. |
| • Groot pot met 'n bietjie water daarin, botteldoppies met letters daarop geskryf<br>• 'n Groot lepel<br>• Prentkaarte om by letterklanke te pas | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Plaas die letterprentkaarte op die tafel met die prentkant na bo.<br>**2** Verduidelik vir die leerders dat hulle lettersop gaan speel.<br>**3** Hulle moet beurte neem om 'n letter met die lepel uit die pot te haal, die klank te sê wat die letter maak en dan 'n bypassende prent te vind.<br> |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 72 2021/11/28 21:32

| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • Karton of papierborde, gom, skêre, oranje papier en groen papier (jy kan tydskrifbladsye gebruik)<br> | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Vou 'n papierbord, of knip karton in die vorm van 'n lang driehoek.<br>**2** Verduidelik vir die leerders dat hulle oranje papier in klein vierkante moet skeur en groen papier in stroke moet knip. Hulle moet dan die papier op die papierbord of karton plak om 'n oranje wortel met groen blare te maak. |
| • Rekwisiete: kratte, inkopielys, inkopiesakke, mandjies, groentebakkies (polistireen), skaal om vrugte en groente te weeg, bord met "Vandag se spesiale aanbod" daarop geskryf, items vir uitverkoping – 10% afslag, bord met "Oop" daarop geskryf, kasregister (kan uit 'n boks gemaak word), verskillende betaalstrokies, geld, vrugte en groente, etikette of plakkers vir pryse, voorskoot vir verkoper | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle voorgegee het om groente by 'n mark of padstalletjie te verkoop.<br>**2** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 73 2021/11/28 21:32

# ★ Oupa Farouk se tuin

## Storie

In die middel van die stad, omring deur huise en besige strate, is oupa Farouk se tuin. Amir is sewe jaar oud en is lief daarvoor om by sy oupa te kuier. Hy is mal oor die blare, blomme en bome in sy oupa se tuin.



Amir werk die hele dag saam met sy oupa in die tuin. Hy sprinkel kompos op die blombeddings en help om die plante water te gee. Wanneer hulle klaar is, eet hulle van die ryp pere wat aan die boom groei. Eendag eet Oupa nie sy peer nie. "Wat is fout?" vra Amir. Oupa wys vir Amir sy peer. Daar is 'n klomp klein merkies daarop waar goggas die peer geëet het.

"En kyk net hier, Amir, party van die plante is besig om dood te gaan," sê Oupa. "Hoekom?" vra Amir. "As jy mooi kyk, sal jy sien die goggas eet party van die plante," sê Oupa. "Ons het lieweheersbesies nodig!" sê Oupa. "Wat is lieweheersbesies, Oupa, en hoe kan hulle ons help?" vra Amir. "Hulle is klein rooi en swart insekte wat die goggas eet wat ons plante laat doodgaan," antwoord Oupa. "Sonder lieweheersbesies sal al die plante doodgaan."



"Ek sal jou help om lieweheersbesies te vind," sê Amir. Vir 'n week lank soek Amir oral rond vir lieweheersbesies vir Oupa se tuin. Hy vind 'n leë glasfles en sit die lieweheersbesies versigtig daarin. Hy maak gaatjies in die deksel sodat hulle kan asemhaal. Toe hy hulle tel, sien hy dat hy tien lieweheersbesies versamel het!

Die volgende dag gaan kuier Amir by oupa Farouk en wys vir hom die fles met die tien lieweheersbesies daarin. "Dankie, my kind, dis wonderlik!" sê Oupa en glimlag breed. Oupa is baie bly. Hy maak die fles oop en die lieweheersbesies vlieg uit. Die lieweheersbesies was baie honger! Hulle het al die goggas opgeëet en die tuin het weer pragtig gelyk. Van daardie dag af het oupa Farouk se tuin gegroei en gegroei en gegroei, en dit het vir Oupa en Amir baie bly gemaak.


***Fluit-fluit, my storie is uit.***





Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 74 2021/11/28 21:32

## Liedjie



Oupa Farouk het 'n pragtige tuin,
'n Pragtige tuin, 'n pragtige tuin.
Oupa Farouk het 'n pragtige tuin,
Vol vrugte en blomme.

Amir gooi die plante nat,
Die plante nat, die plante nat.
Amir gooi die plante nat,
Sodat dit kan groei.

Die goggas kom en eet die plante,
Eet die plante, eet die plante.
Die goggas kom en eet die plante,
Wat maak ons nou?

Die besies kom en eet die goggas,
Eet die goggas, eet die goggas,
Die besies kom en eet die goggas,
Die tuin groei en groei!

*(Sing op die wysie van "Die wiele van die bus" of gebruik jou eie wysie.)*

# Woordeskat uit die storie

| **Sleutelwoorde:** | **tuin** | **oupa** | **plante** | **goggas** | **lieweheersbesies** | **stad** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekstra woorde: | bome | kompos | klaar | dood | versamel | deksel |
| | fles | bly | honger | peer | blomme | |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 75 2021/11/28 21:32

*a b c*

**Jy benodig:**

- Storie: *Oupa Farouk se tuin*
- Handpoppe: Oupa, Amir, lieweheersbesies in 'n fles, plante wat besig is om dood te gaan, plante wat blom, gieter
- Rekwisiete: peer, gogganet, fles, lieweheersbesies
- Voorwerpe of prentkaarte vir sommige woorde uit die woordelys



# Week 1 Dag 1

## Heleklas-aktiwiteite

Sê die rympie *Ek wikkel my vingers* om die leerders vir storietyd mat toe te bring.

**Ek wikkel my vingers**
Ek wikkel my vingers
Ek wikkel my lyf
Ek wikkel my tone
En ek's nie meer styf!
So kom nou maatjies! [klap op kom]
Ek sê julle wat –
Ons almal gaan sit nou soet op die mat.

### Storievertelling en ontwikkeling van woordeskat

**1 Voor jy die storie vertel**

1.1 Sê vir die leerders die titel van die storie en stel die karakters met die handpoppe bekend.

1.2 Tref 'n verband tussen die storie en die leerders se lewens deur te vra: *"Het julle of iemand wat julle ken 'n tuin? Wat groei in die tuin? Wat moet ons doen om die plante te help groei? Het julle al ooit 'n lieweheersbesie gesien? Hoe lyk dit?"*

1.3 Sê: *"Voor ons begin, wil ek vir julle die betekenis sê van 'n paar nuwe woorde wat ons in die storie gaan vind."* Bespreek die sleutelwoorde in die woordelys en wys vir die leerders 'n voorwerp of 'n prent of voer 'n aksie uit om vir hulle te wys wat 'n woord beteken. Byvoorbeeld: Wys vir hulle prente van plante wat in tuine groei en dan prente van 'n stad met geboue waar niks groei nie.

**2 Terwyl jy die storie vertel**

2.1 Vertel die storie op 'n opgewekte manier en praat in verskillende stemme. Voer aksies uit en gebruik die handpoppe en rekwisiete.

2.2 Vra die leerders om te voorspel wat volgende in die storie gaan gebeur en betrek hulle deur oop vrae te vra, soos: *"Wat dink julle groei in oupa Farouk se tuin? Waarvan hou Amir die meeste in sy oupa se tuin? Hoekom dink julle is die tuin besig om dood te gaan? Waar sal Amir lieweheersbesies kan vind?"*

**3 Nadat jy die storie vertel het**

3.1 Vra die leerders: *"Waarvan het julle gehou in die storie? Waarvan het julle nie gehou nie? Wat was julle gunstelingdeel? Het julle enige vrae oor die storie?"*

### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"werk, water, week, wys, wonderlik. Kan julle die fokusklank hoor? **W**erk, **w**ater, **w**eek, **w**ys, **w**onderlik. Ja, julle is reg! Hulle het almal die klank /**w**/."*

**2** *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**w**/ begin: walvis, wiel, wortel, waatlemoen, wol, wors, waslap, watte."* (Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**w**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**w**/ te sê: "**w-w-w**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **w** ("wee"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 76 2021/11/28 21:32

**Jy benodig:**

- Handpoppe vir die storie
- Musiek en rekwisiete of prente vir die liedjie




# Week 1 Dag 2

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en sang

1. Begin deur die leerders te herinner aan die betekenis van die woorde wat jy op Dag 1 bekendgestel het.
2. Vertel die storie weer en gebruik die handpoppe. Vra vrae terwyl jy die storie vertel. Moedig die leerders aan om te voorspel wat volgende gaan gebeur.
3. Sê vir die leerders jy gaan vir hulle 'n nuwe liedjie leer wat by die storie pas.
4. Sê 'n paar reëls van die liedjie duidelik en stadig, en vra die leerders om dit saam met jou te sing. Leer vir hulle die liedjie stuk vir stuk, want hulle sal dalk nie dadelik al die woorde kan onthou nie.
5. Gebruik prente of rekwisiete of voer aksies uit om die leerders te help om die taal van die liedjie te verstaan.
6. Leer vir die leerders die aksies vir die liedjie. Sing dit in meer as een taal – dit kan baie pret wees!

### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**w**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**w**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan 'n boek agter hulle rug wegsteek en vra: *"**Wwwwaar** is die boek? Is die boek **wwwweg**?"*
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **w** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, gaan skuins af en skuins op, skuins af en skuins op."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en moedig die leerders aan om die letter met 'n stok in die sand te skryf en daarop te loop.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 77 2021/11/28 21:32

**Jy benodig:**

- Handpoppe en rekwisiete vir die storie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat met **w** begin: walvis, wiel, wortel, waatlemoen, wol, wors, waslap, watte





# Week 1 Dag 3

## Heleklas-aktiwiteite

### Storievertelling en rolspel

1 Sing die liedjie.

2 Vra die leerders of hulle die betekenis van die woorde in die woordelys kan onthou. Byvoorbeeld: Bring blomme of enige plante wat vars is en party wat droog en dood is klas toe. Vra die leerders om 'n bos blomme wat besig is om dood te gaan of 'n bos wat blom bymekaar te maak.

3 Kies leerders om die karakters in die storie te vertolk.

4 Gesels oor elke karakter in die storie. Vertel vir die leerders watter karakter hulle in die rolspel gaan vertolk en wys vir hulle die rekwisiete wat gebruik gaan word om die storie te vertel.

5 Verduidelik vir die leerders dat jy (die onderwyser) die storieverteller gaan wees. Die leerders wat rolle het, gaan alles wat jy sê, vertolk. Help hulle om te besluit waar hulle gaan staan.

6 Begin die storie vertel en moedig die leerders aan om aksies uit te voer wat by jou woorde pas, terwyl die res van die klas na die rolspel kyk.

7 As daar tyd is, kan julle die rolspel met verskillende leerders herhaal.

### Letterhouers

1 Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en die prente in die letterhouer een op 'n slag. Vra hulle wat die name van die voorwerpe is. As daar leerders is wat 'n ander taal praat, kan jy hulle vra om vir die klas te vertel wat die voorwerp in hulle huistaal genoem word. Gee dan vir hulle die woord in die onderrigtaal. Laat hulle die voorwerpe of prente vashou en dan omstuur.

2 Vra vrae oor die voorwerpe: *"Het julle hierdie al voorheen gesien? Waarvoor gebruik ons dit? Watter kleur is dit? Hoe voel dit?"*

3 Sê die name van die voorwerpe terwyl jy die fokusklank beklemtoon. Vra die leerders of hulle die fokusklank kan hoor.

4 Vra die leerders om die naam van elke voorwerp te sê en die fokusklank te beklemtoon wanneer hulle die woorde sê.

5 Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.

6 Kombineer nou voorwerpe uit twee of meer letterhouers en pak dit op die vloer of tafel uit.

7 Gee vir party van die leerders 'n voorwerp en sê dan een van die klanke. Vra al die leerders wat 'n voorwerp het wat met daardie klank begin om vorentoe te kom en die voorwerp in die regte letterhouer te sit.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 78 2021/11/28 21:32

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Blaaibordpapier, wondergom
- Prente van dinge wat in tuine gevind kan word, soos: blomme, lieweheersbesies, skoenlappers

Stella sê:



*Hier is 'n paar nuttige vrae om oor elke prent te vra:*

- *"Wie sien jy?" (karakters)*
- *"Wat doen hy/sy?" (werkwoorde en aksies)*
- *"Wat sien jy nog?" (kyk weer)*
- *"Waar is die …?" (benoem plekke/posisie)*
- *"Hoekom dink jy …?" (kreatiewe denke, lug menings)*

# Week 1 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Opeenvolgende prente

1. Sing weer die liedjie.
2. Stel nuwe woorde uit die woordelys bekend.
3. Kies een van die opeenvolgende prente en hou dit in die lug op. Vra die leerders wat hulle sien en gesels dan in besonderhede oor die prent.
4. Plak die prent op die bord nadat julle dit bespreek het sodat die leerders dit kan sien. Maak seker dat die prente in hierdie stadium van die aktiwiteit nie in die regte volgorde is nie.
5. Nadat julle oor al die prente gesels het, vra vir die leerders: *"Is die prente in die regte volgorde?"*
6. Vra die leerders om vir jou die prent vir die begin van die storie uit te wys. Werk saam om die prente in die regte volgorde te rangskik sodat die storie sin maak.
7. Betrek die leerders aktief by hierdie proses. Vra vrae soos: *"Wat het toe gebeur? Wie kan die volgende deel van die storie onthou?"*
8. Nadat julle al die prente in die regte volgorde rangskik het, vra 'n paar leerders om die storie in die regte volgorde oor te vertel.



### Luister vir fokusklanke



1. Plaas 'n verskeidenheid prente van dinge wat in tuine voorkom in die middel van die kring. Verduidelik vir die leerders dat hulle jou gaan help om 'n plakkaat van 'n pragtige tuin te maak.
2. Sê: *"Wie kan iets vir ons tuin vind wat met die fokusklank /**b**/ begin?"* 'n Leerder kan dan 'n prent van 'n blom op die skoon blaaibordpapier plak. Vra of 'n ander leerder iets kan vind wat met 'n /**s**/ begin. Die leerder kan dan 'n prent van 'n spinnekop kies en dit op die blaaibordpapier plak.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 79 2021/11/28 21:32

# Week 1 Dag 5

**Jy benodig:**

- Klippies of eierhouers of botteldoppies, plastiekoë (opsioneel – oë kan ook geverf word)
- Rooi, swart en wit verf, verfkwaste, gom, skêre
- Prente van insekte, goggas en diertjies in die tuin
- ’n Sakkie

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf


**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle lieweheersbesies met klippies, botteldoppies of eierhouers gaan maak.

**2** Gesels oor die vorm (rond) en kleur (rooi met swart kolle). Gesels oor die lieweheersbesie se vlerke en oë.

**3** Die leerders kan die klippies, botteldoppies of eierhouers verf. Terwyl die verf droog word, kan hulle gras of blare op ’n bladsy verf/teken.

**4** Wanneer die verf op hulle lieweheersbesies droog is, kan hulle kolle teken en oë teken of opplak. Hulle kan dan hulle voltooide lieweheersbesie op die bladsy met die gras of blare sit.





### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)

**1** Wys vir die leerders prente van insekte, goggas en diertjies wat ons in die tuin kry. Vra die leerders om jou te help om elke prent te benoem en plak die prente teen die muur of sit dit op die mat neer sodat al die leerders dit kan sien.

**2** Sit die prente dan in ’n sakkie. Kies ’n leerder, en vra hom of haar om een van die prente uit die sakkie te haal. Die leerder moet probeer om die naam van die insek, gogga of diertjie stadig te sê deur dit in lettergrepe op te breek.

**3** Die ander leerders moet luister en die lettergrepe saamsmelt om die woord te vorm.



## Kleingroep-aktiwiteite



Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 80 2021/11/28 21:32

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 1

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groot vetkryte<br><br><br>*Die leerders sal dalk teen hierdie tyd van die jaar meer selfvertroue hê om self te probeer skryf. Moenie bekommerd wees as party leerders 'n lang string letters sonder spasies skryf nie.* | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Skryf voor die les die titel van die storie boaan elke leerder se skoon bladsy.<br>**2** Vra die leerders om na die woorde van die titel te wys terwyl julle dit saam "lees".<br>**3** Vra die leerders van watter deel van die storie hulle die meeste gehou het. Maak 'n paar voorstelle.<br>**4** Moedig die leerders aan om hulle gunstelingdeel van die storie te teken.<br>**5** Vra die leerders om jou van hulle tekeninge te vertel. Lewer kommentaar of vra vrae.<br>**6** Vra die leerders of hulle graag iets oor hulle prent wil skryf en of hulle wil hê jy moet namens hulle skryf.<br>**7** As die leerders wil hê jy moet namens hulle skryf, kan jy hulle betrek deur hulle te vra om die woorde stadig te sê terwyl jy dit neerskryf. Dink hardop terwyl jy hulle sinne skryf.<br>**8** Skryf woord vir woord neer wat die leerders vir jou voorsê, of vra hulle of hulle saamstem voordat jy enige veranderinge aan hulle bewoording maak. Onthou om netjies en duidelik te skryf.<br>**9** Moedig die leerders aan om die sin saam met jou te "lees" nadat jy dit geskryf het. Wys na elke woord terwyl jy lees en prys hulle pogings. |
| • Twee **Letterslang-speletjieborde**<br>• Twee dobbelstene, speelmunte<br> | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Verduidelik vir die leerders die reëls:<br>• Die leerders begin deur hulle speelmunte op die slang se kop neer te sit.<br>• Hulle neem beurte om die dobbelsteen te gooi en die speelmunt die korrekte aantal spasies aan te skuif.<br>• As hulle op 'n letter land, moet hulle die fokusklank sê en hulle speelmunt vorentoe skuif na 'n prent wat met daardie letter begin.<br>• Die leerder wat eerste by die einde van die slang kom, is die wenner en die speletjie is verby.<br>**2** Wanneer die leerders hierdie speletjie 'n paar keer gespeel het, kan jy 'n nuwe reël bekendstel: As hulle op 'n prent land, moet hulle die prent benoem, die fokusklank sê en dan terug na die bypassende letter skuif. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |

| Jy benodig | Aktiwiteite |
| --- | --- |
| • Speeldeeg, speeldeegmat<br>• Knope, sade, stokkies | ***Aktiwiteit 4:*** **Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle die speeldeeg gaan gebruik om ’n pragtige tuin op die speeldeegmat te maak.<br>  |
| • Rekwisiete: kruiwa, potplante, graaf, tuinvurk, rubberstewels, handskoene, herwonne items om verskillende soorte potte vir plante te maak (byvoorbeeld, plastiekbottels), saailinge, pakkies saadjies, telefoon om bestellings te plaas, gieter, tuinslang, etikette vir verskillende plante, plakkers vir pryse, sakrekenaar, kamma-geld | ***Aktiwiteit 5:*** **Voorgee-spel**<br>**1** Lei die groep na die voorgee-spelhoekie en wys vir hulle die nuwe rekwisiete.<br>**2** Verduidelik vir hulle dat hulle gaan voorgee hulle besit of besoek ’n kwekery om plante vir hulle tuin te koop.<br>**3** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 82 2021/11/28 21:32

**Jy benodig:**

- Groot opeenvolgende prente
- Gefotokopieerde en gevoude klein boekie vir elke leerder

# Week 2 Dag 1



## Heleklas-aktiwiteite

### Nog opeenvolgende prente

**1** Vra die leerders om op die mat te sit. Kies 'n paar leerders om voor in die klas te staan en elkeen een van die gekleurde opeenvolgende prente in die lug te hou (nie in die regte volgorde nie).

**2** Vra die leerders of die prente in die regte volgorde is. Vra hulle om te wys watter prent aan die begin van die storie moet kom.

**3** Werk saam en vra die leerders wat die prente vashou om rond te beweeg totdat die storie sin maak. Vra vrae soos: *"Wie kan onthou wat volgende gebeur het?"*

**4** Wanneer die storie in die regte volgorde is, gaan die leerders terug na hulle tafels.

**5** Gee vir elke leerder 'n klein boekie. Vra hulle om na die voorblad te kyk en lees die titel van die storie saam met hulle.

**6** Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die klein boekie. Wys hulle daarop dat die prente in die boekie dieselfde is as die opeenvolgende prente.

**7** As daar tyd is, kan die leerders hulle klein boekie vir 'n maat in die klas "lees". Moedig die leerders aan om die boeke huis toe te neem om met hulle gesinne te lees.



### Stel 'n klank uit die storie bekend

**1** Vra die leerders om op die mat te sit en goed na jou te luister. Sê hierdie woorde uit die storie: *"insek, in, is. Kan julle die fokusklank hoor? **I**nsek, **i**n, **i**s. Ja, julle is reg! Die fokusklank is /**i**/. Luister nou na hierdie woorde: sit, sprinkel, vind, vir. Kan julle die fokusklank binne hierdie woorde hoor?"*

**2** *"Luister nou mooi. Hier is nog 'n paar woorde wat met /**i**/ begin: ink, inligting, inspuiting, interessant. "*(Beklemtoon die fokusklank wanneer jy hierdie woorde sê.)

**3** Sê die klank /**i**/ duidelik en sê die leerders moet na jou mond kyk.

**4** Vra die leerders om die klank /**i**/ te sê: "**i-i-i**". Maak dit pret: Sê dit sag, hard, vir die muur, na die plafon en vir mekaar. Maak seker die leerders sê die klank van die letter en nie die letternaam, **i** ("ie"), nie.

## Kleingroep-aktiwiteite

Verduidelik vir die leerders dat hulle elke dag in klein groepe gaan werk. Verduidelik en wys hoe elke aktiwiteit gedoen gaan word en verduidelik die daaglikse wisseling. Verduidelik die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 83 2021/11/28 21:32

**Jy benodig:**

- Groot Boek: *Oupa Farouk se tuin*
- Water in bakkies en 'n verfkwas vir elke leerder

# Week 2 Dag 2



## Heleklas-aktiwiteite

### Gedeelde lees – Groot Boek

1. Vra die leerders om na die voorblad te kyk en te gesels oor wat hulle sien en herken.
2. Lees vir die klas die titel van die storie. Wys na elke woord terwyl jy lees. Lees dit weer en vra die leerders om dit saam met jou te "lees".
3. Neem die leerders op 'n prentewandeling deur die boek. Bespreek die prente en moedig hulle aan om vrae te vra.
4. Wys hulle op die bladsynommers en gesels oor watter nommer volgende kom.
5. Nadat julle deur die hele boek "gewandel" het, gaan terug na die begin en lees weer die titel. Blaai dan die bladsye en lees elke sin in 'n helder en natuurlike stem. Wys na elke woord terwyl jy lees.
6. Lees die boek weer en moedig die leerders aan om saam met jou te "lees".



### Vorm die letter



1. Herinner die leerders aan die fokusklank. Vra of iemand se naam met /**i**/ begin en of hulle aan enige ander woorde kan dink wat met die klank /**i**/ begin.
2. Leer vir hulle 'n aksie wat met die klank verband hou. Byvoorbeeld: Die leerders kan "**i-i-i-in**" sê terwyl hulle maak asof hulle binne-in iets spring.
3. Wys vir die leerders hoe om die letter **i** te skryf. Prys hulle pogings en skryf dan 'n groot letter op die bord of in die lug terwyl jy die volgende sê: *"Begin by die kol, en gaan af. Lig en maak 'n kolletjie."*
4. Laat die leerders die lettervorming in die lug, op die mat, op mekaar se rûe of op hulle hande oefen. Hulle kan ook probeer om hulle liggame te gebruik om die letter te vorm.
5. Gaan nou buitentoe en gee vir elke leerder 'n bakkie met water en 'n verfkwas. Hulle kan die letter oor en oor met water op plaveisel verf.
6. Moedig hulle aan om die klank wat die letter maak, te sê terwyl hulle die letter skryf.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 84 2021/11/28 21:32

**Jy benodig:**

- Blaaibordpapier en merkpen
- Lieweheersbesies wat die leerders gemaak het
- Wondergom
- Spieëltjie
- 'n Letterhouer met voorwerpe of prente van voorwerpe wat iets wys wat "in/binne-in" is. Byvoorbeeld: 'n kat in 'n boks, 'n mens in 'n tent, 'n kartonboks of hoelahoepel waarin die leerders kan trap, 'n boksie en 'n klippie om te wys die klippie word "in" die boksie gesit

# Week 2 Dag 3


## Heleklas-aktiwiteite

### Leer om te luister

1 Teken 'n prent van die grond en 'n groot boom met takke en blare op die blaaibordpapier. Teken 'n blom met 'n stingel en blare langs die boom.

2 Hou 'n klomp van die lieweheersbesies wat die leerders gemaak het byderhand. Verduidelik dat die leerders mooi moet luister en dan die lieweheersbesies met wondergom op die regte plek moet plak:

- op die boom/blom/blaar/tak/grond
- onder die boom/blom/blaar/tak/grond
- bo die boom/blom/blaar/tak/grond
- langs die boom/blom/blaar/tak
- aan die bopunt van die boom/blom
- tussen die boom en die blom.




### Letterhouers

1 Vra die leerders om op die mat te sit en wys vir hulle die voorwerpe en prente in die letterhouer een op 'n slag. Bespreek elke voorwerp of prent en beklemtoon die woord "in" en die klank /**i**/.

2 Gebruik 'n spieël sodat die leerders kan sien hoe hulle monde beweeg wanneer hulle die klank maak.

3 Vra een van die leerders om in 'n boks of hoelahoepel te tree of te spring en vra die leerders om "**i-i-i-in die boks**" te sê. Gee vir 'n leerder 'n boksie en vra hom/haar om binne-in te kyk om te sien wat daarin is ('n klippie). Hulle moet die fokusklank beklemtoon wanneer hulle die woord "in" sê.

4 Nadat die leerders die nuwe klank geoefen het, kan jy vir hulle die letter op die letterhouer wys. Laat party leerders met hulle vingers oor die letter op die deksel trek.




## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 85 2021/11/28 21:32

**Jy benodig:**


- 'n Fotokopie van die **Lees en doen-aktiwiteitsblad** vir elke leerder
- Verskillende kleure vingerverf, groot vetkryte of koki-penne
- Blaaibordpapier, wondergom
- Prente van dinge wat in tuine gevind kan word, soos: blomme, lieweheersbesies, skoenlappers

# Week 2 Dag 4

## Heleklas-aktiwiteite

### Lees en doen

1. Vra die leerders watter insekte, goggas en diertjies in 'n tuin gevind kan word wat help om die tuin gesond te hou. Byvoorbeeld: Skoenlappers en bye bestuif blomme, spinnekoppe eet goggas, erdwurms help om die grond gesond te maak, voëls eet ruspes wat plante eet.
2. Verduidelik vir die leerders dat hulle die "lees en doen"-instruksies gaan volg en vingerverf gaan gebruik om insekte, goggas en diertjies te verf wat die tuin help gesond hou.
3. Wanneer hulle klaar is, kan jy vir hulle wys hoe hulle die pote, voelers en oë met die vetkryte of koki-penne kan teken.
4. Help leerders indien hulle sukkel om die instruksies te lees.








### Luister vir fokusklanke

1. Plaas 'n verskeidenheid prente van dinge wat in tuine voorkom in die middel van die kring. Verduidelik vir die leerders dat hulle jou gaan help om 'n plakkaat van 'n pragtige tuin te maak.
2. Sê: *"Wie kan iets vir ons tuin vind wat met die fokusklank /**b**/ begin?"* 'n Leerder kan dan 'n prent van 'n blom op die skoon blaaibordpapier plak. Vra of 'n ander leerder iets kan vind wat met 'n /**s**/ begin. Die leerder kan dan 'n prent van 'n spinnekop kies en dit op die blaaibordpapier plak.

## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 86 2021/11/28 21:32

# Week 2 Dag 5

**Jy benodig:**

- Blaaibordpapier, merkpen
- Prente van insekte, goggas en diertjies in die tuin
- 'n Sakkie

## Heleklas-aktiwiteite

### Maak, teken en skryf

1. Verduidelik vir die leerders dat hulle jou moet help om 'n brief aan 'n plaaslike kwekery of bure wat 'n tuin het, te skryf. Jy wil in die brief verduidelik dat die klas van tuine en insekte geleer het, en jy wil vra of hulle 'n paar plante sal skenk wat die klas in potte in die klaskamer of in 'n bedding op die skoolgrond kan plant.
2. Bespreek wie julle vir plante kan vra en gesels dan oor hoe julle die brief moet begin: Liewe …
3. Vra die leerders om vir jou idees te gee oor wat jy volgende kan skryf. Luister na hulle idees, en besluit dan saam wat jy in die brief gaan skryf. Skryf netjies in kleinletters, en sê elke woord terwyl jy skryf.
4. As daar tyd is, kan die leerders die brief met prente van plante versier.
5. Vou die brief en lewer dit dan aan 'n buurman of -vrou af, of neem dit na die plaaslike kwekery en vra of hulle 'n paar plante sal skenk, of vir jou afslag sal gee as jy plante vir jou klas koop.
6. Wanneer jy die plante ontvang het, kan die leerders jou help om 'n brief te skryf en prente te teken om dankie te sê.


Liewe Vuyo

Ons leer van tuine en plante.
Kan jy dalk vir ons plante skenk? Ons wil dit in potte in ons klas en in die tuin plant.

Dankie!
Graad R D

Vuyo Msweli
Plant World
Hoofstraat 8
Observatory
7803

### Samesmelting en verdeling (lettergrepe)



1. Wys vir die leerders prente van insekte, goggas en diertjies wat ons in die tuin kry. Vra die leerders om jou te help om elke prent te benoem en plak die prente teen die muur of sit dit op die mat neer sodat al die leerders dit kan sien.
2. Sit die prente dan in 'n sakkie. Kies 'n leerder, en vra hom of haar om een van die prente uit die sakkie te haal. Die leerder moet probeer om die naam van die insek, gogga of diertjie stadig te sê deur dit in lettergrepe op te breek.
3. Die ander leerders moet luister en die lettergrepe saamsmelt om die woord te vorm.


## Kleingroep-aktiwiteite

Herinner die leerders aan die kleingroep-aktiwiteite, die reëls vir elke aktiwiteit asook die opruimproses.




Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 87 2021/11/28 21:32

# Kleingroep-aktiwiteite vir Week 2

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Skoon A4-bladsy vir elke leerder<br>• Groen papier<br>• Groot vetkryte, skêre en gom<br> | ***Aktiwiteit 1:* Teken en ontluikende skryf**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle insekte, goggas en diertjies gaan teken wat dalk in gras sal wegkruip. Byvoorbeeld: 'n lieweheersbesie, wurm, kewer.<br>**2** Wanneer hulle klaar geteken het, kan hulle byskrifte by hulle prent voeg of hulp vra om die name van die insekte, goggas en diertjies te skryf.<br>**3** Die leerders kan dan stroke groen papier knip en dit onderaan die bladsy vasplak sodat dit oor hulle prent flap en soos gras lyk.<br>**4** Hulle kan dan 'n maatjie vra om te raai wat in die gras wegkruip en die groen stroke oplig om te kyk of hulle reg geraai het. |
| • Twee **Letterslang-speletjieborde**<br>• Twee dobbelstene, speelmunte<br> | ***Aktiwiteit 2:* Legkaarte en speletjies**<br>**1** Verduidelik vir die leerders die reëls:<br>• Die leerders begin deur hulle speelmunte op die slang se kop neer te sit.<br>• Hulle neem beurte om die dobbelsteen te gooi en die speelmunt die korrekte aantal spasies aan te skuif.<br>• As hulle op 'n letter land, moet hulle die fokusklank sê en hulle speelmunt vorentoe skuif na 'n prent wat met daardie letter begin.<br>• Die leerder wat eerste by die einde van die slang kom, is die wenner en die speletjie is verby.<br>**2** Wanneer die leerders hierdie speletjie 'n paar keer gespeel het, kan jy 'n nuwe reël bekendstel: As hulle op 'n prent land, moet hulle die prent benoem, die fokusklank sê en dan terug na die bypassende letter skuif. |
| • Boeke, tydskrifte, gevoude klein boekies, Groot Boeke en brosjures<br> | ***Aktiwiteit 3:* Selfstandige lees**<br>**1** Lei die groep na die boekhoekie of gee vir die groep 'n stapel boeke.<br>**2** Maak 'n boek oop en blaai daardeur. Wys vir die leerders hoe om die bladsye en die boek versigtig te hanteer. Wys vir die leerders 'n paar van die prente en moedig hulle aan om iets te kies wat hulle graag wil lees.<br>**3** Jy sal dalk die leerders aanvanklik moet help om 'n boek, tydskrif of brosjure te kies om te lees.<br>**4** Besoek die boekhoekie om die leerders se lees waar te neem en aan te moedig. |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 88 2021/11/28 21:32

| Jy benodig | Aktiwiteite |
|---|---|
| • 'n Stuk herwonne karton vir elke leerder<br>• Groot vetkryte, gom<br>• Kleurpapier of sneespapier | ***Aktiwiteit 4:* Fynmotoriese vaardighede en handskrif**<br>**1** Verduidelik vir die leerders dat hulle 'n prent van 'n groot blom op die karton moet teken. Hulle moet dan die papier in klein stukkies skeur en dit op die karton plak om 'n blom te maak. Hulle kan ook die papier in balletjies rol en dit op die karton plak.<br> |
| • Rekwisiete: kruiwa, potplante, graaf, tuinvurk, rubberstewels, handskoene, herwonne items om verskillende soorte potte vir plante te maak (byvoorbeeld, plastiekbottels), saailinge, pakkies saadjies, telefoon om bestellings te plaas, gieter, tuinslang, etikette vir verskillende plante, plakkers vir pryse, sakrekenaar, kamma-geld | ***Aktiwiteit 5:* Voorgee-spel**<br>**1** Herinner die leerders aan die rekwisiete in die voorgee-spelhoekie en moedig hulle aan om voort te bou op Week 1 toe hulle voorgegee het dat hulle 'n kwekery besoek of daar werk.<br>**2** Besoek die hoekie ten minste een keer om die leerders se speletjie waar te neem en hulle aan te moedig.<br> |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 89 2021/11/28 21:32

# Notas

# ★ Kwartaal 3: Voorbeeldrekord van deurlopende assessering (kontrolelys)

| | Luister en praat | | | | | Klanke, Lees en kyk | | | | | | | Handskrif en Ontluikende skryf | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ✓ **Bereik**<br>• **Byna bereik**<br>× **Nog nie bereik nie** | Luister na 'n komplekse reeks instruksies en voer dit uit. | Luister na langer stories en toon begrip deur vrae te beantwoord wat betrekking het op die storie. | Sing liedjies en sê rympies en voer bewegings met selfvertroue op hulle eie uit. | Vra vrae en vra vir verduidelikings of soek in boeke na verduidelikings. | Gebruik taal om te dink en te redeneer: pas dele wat bymekaar hoort bymekaar en vergelyk verskille. | Verdeel meerlettergrepige woorde in lettergrepe. | Verbind klanke met letters en woorde en verstaan dat woorde uit meer as een klank bestaan – doen mondelings. | Hou die boek met die regte kant na bo en blaai op die korrekte manier. Bespreek die korrekte hantering en versorging van boeke. | Dramatiseer 'n storie, liedjie of rympie. | Begin om hoëfrekwensie woorde te "lees" wat hulle in die klaskamer, by die skool en in die gemeenskap sien. | "Lees" selfstandig en vir genot boeke uit die biblioteek of klaskamer se leeshoekie, blaai korrek en toon respek vir boeke. | Neem met toenemende selfvertroue en genot deel aan die gedeelde lees van tekste. | Ontwikkel fynmotoriese beheer deur 'n skêr te gebruik om duidelik omlynde prente, vorms ens. uit te knip. | Hou vetkryte in 'n aanvaarbare potloodgreep vas, toon aan watter hand dominant is (links of regs) en neem 'n korrekte sithouding in tydens skryf. | Vorm letters deur middel van vingerverf, verfkwaste, vetkryte, ens., en begin op die korrekte plek en volg die regte rigting. | Dra idees en sinne by tot 'n klasskryfstuk: leerder dikteer terwyl die onderwyser dit neerskryf. | Teken prente om 'n boodskap oor 'n persoonlike ervaring oor te dra en gebruik dit as 'n beginpunt vir skryfwerk. | Probeer letters skryf deur te krabbel en probeer eie skryfwerk "lees": "lees" wat krabbels beteken. | Rolspeel skryf in speelsituasies: "skryf" groetekaartjies, briewe, ens. Herskryf teks vanuit die omgewing in speelsituasies. |
| **Datum** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **Name** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |



Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 91 2021/11/28 21:32

# ★ Kwartaal 3: Luister en praat Rubriek 1 en 2

| Assesseringskriteria | 1. Nie bereik nie (0–29%) | 2. Gemiddelde prestasie (30–49%) | 3. Bevredigende prestasie (50–74%) | 4. Uitnemende prestasie (75–100%) |
|---|---|---|---|---|
| 1 **Vertel stories en vertel stories oor in eie woorde** | Kan nie stories vertel en oorvertel nie; kan net 'n paar woorde sê. | Beperkte oorvertelling; noem slegs enkele gebeure; volgorde moontlik nie korrek nie; gebruik kort sinne en eenvoudige woordeskat. | Kan die meeste gebeure in die storie oorvertel, met 'n begin, middel en einde, maar met baie min besonderhede; benodig aanmoediging, soos: "en toe …"; "wat het volgende gebeur?"; begin langer sinne gebruik. | Storie volg 'n logiese volgorde en het 'n begin, middel en einde; karakters en agtergrond is in besonderhede beskryf; menings en gevoelens van karakters is beskryf; gebruik langer en ingewikkelder sinne en voeg woorde bymekaar, soos "en toe"; "daarna het"; gebruik nuwe woordeskat uit die storie. |
| 2 **Rangskik 'n stel prente in 'n logiese volgorde om 'n storie te vorm en vertel die storie wat geskep is** | Kan nie 'n stel kaarte in die korrekte volgorde rangskik nie. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde, maar kan nie die storie vertel nie. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde en kan 'n eenvoudige storie vertel. | Rangskik 'n stel kaarte in die korrekte volgorde en kan 'n storie met toepaslike besonderhede vertel. |

# ★ Kwartaal 3: Klanke, Lees en kyk Rubriek 1 tot 3

| Assesseringskriteria | 1. Nie bereik nie (0–29%) | 2. Gemiddelde prestasie (30–49%) | 3. Bevredigende prestasie (50–74%) | 4. Uitnemende prestasie (75–100%) |
|---|---|---|---|---|
| 1 **Herken 'n paar konsonante en vokale ouditief en visueel** | Kan 0–3 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. | Kan 4–6 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. | Kan 7–11 letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. | Kan 12 of meer letters herken en die klanke sê wat hierdie letters maak. |
| 2 **Herken dat woorde uit klanke bestaan: gee die beginklank van eie naam en ander woorde** | Herken nie dat woorde uit klanke bestaan nie; kan nie die beginklank van eie naam of ander woorde gee nie. | Kan beginklank van eie naam gee, maar sukkel om beginklanke vir ander woorde te gee. | Kan beginklank van eie naam gee; kan beginklanke van party ander woorde gee. | Kan konsekwent beginklank van eie naam en ander woorde gee. |
| 3 **Maak eie storie op deur die prente te "lees"** | Kan nie prente gebruik om te voorspel waaroor storie handel nie; beskryf prente met gebruik van baie beperkte taal. | Gebruik prente om die storie te voorspel en te beskryf, maar benodig hulp. | Gebruik prente om te voorspel waaroor storie handel; gebruik moontlik 'n "leesstem". | Gebruik prente om te voorspel waaroor storie handel; toon begrip dat prente en woorde verwant is, maar tog verskil; gebruik 'n "leesstem"; wys na woorde wanneer hy/sy "lees". |

# ★ Kwartaal 3: Ontluikende skryf en Handskrif Rubriek 1 tot 3

| Assesseringskriteria | 1. Nie bereik nie (0–29%) | 2. Gemiddelde prestasie (30–49%) | 3. Bevredigende prestasie (50–74%) | 4. Uitnemende prestasie (75–100%) |
|---|---|---|---|---|
| 1 **Ontwikkel kleinspier-vaardighede en fynmotoriese vaardighede** | Sukkel om fynmotoriese aktiwiteite te voltooi; vermy take of raak gefrustreerd. | Kan sommige fynmotoriese aktiwiteite voltooi, maar neem tyd; werk onakkuraat. | Kan die meeste fynmotoriese aktiwiteite voltooi; raak meer akkuraat en werk doeltreffender. | Voltooi fynmotoriese aktiwiteite met selfvertroue, akkuraatheid en gemak. |
| 2 **Teken prente om hoofgedagte van stories, liedjies of rympies weer te gee** | Tekening is onherkenbaar of bevat slegs krabbels of sirkels met lyne. | Tekening is herkenbaar, maar hou nie met die storie, liedjie of rympie verband nie. | Teken 'n kleurvolle prent wat met 'n storie verband hou; tekeninge van hoofkarakters bevat sommige van die volgende: bene, arms, hande, voete, oë, neus, mond, ore. | Teken 'n kleurvolle, gedetailleerde prent wat met 'n storie verband hou; sluit hoofkarakter met besonderhede soos klere in. |
| 3 **Toon begrip dat skryf en teken verskillende aksies is: voorgee-skryf met gebruik van krabbels** | Kan nie idees voorstel deur te teken of te skryf nie. | Stel idees voor deur te teken, maar geen bewyse van voorgee-skrif of krabbels nie. | Verstaan dat skryf en teken verskil: gee voor om te skryf deur krabbels te gebruik. | Verstaan dat skryf en teken verskil en begin om te "skryf" deur 'n mengsel van nagebootste letters en krabbels te gebruik; boots moontlik letters en getalle in die klaskameromgewing in eie skryfpogings na. |

# ★ Hoe om speeldeeg te maak

## Jy benodig



- ★ 1 koppie meel
- ★ ¼ koppie sout
- ★ ½ koppie warm water
- ★ 5 druppels koskleursel

## Stappe

1 Meng die meel en sout.
2 Meng 'n ½ koppie warm water en 'n paar druppels koskleursel.
3 Gooi die water stadig in die meelmengsel en roer terwyl jy dit ingooi. Roer tot dit goed gemeng is, en knie dit dan met jou hande totdat dit 'n deeg vorm. As die deeg te taai is, kan jy nog meel bygooi.
4 Herhaal hierdie stappe met verskillende kleure koskleursel.



*Maak die speeldeeg 'n bietjie warm deur dit in jou hande te druk. Dit is 'n goeie oefening vir kinders se handspiere. Bêre die speeldeeg in plastieksakke om dit vars te hou en hou dit in die yskas, indien moontlik, of in 'n koel plek.*


# ★ Hoe om 'n klein boekie te maak

## Stappe


1 Maak fotokopieë van die klein boekie wat jy benodig.




2 Met die prente na bo, vou die bladsy in agt dele. Vou dit weer oop.



3 Vou die bladsy in die helfte, in die middel af.




4 Knip op die middelste vou, soos aangedui in die illustrasie hiernaas en die stippellyne op die klein boekies.



5 Hou die papier aan albei kante tussen jou vinger en jou duim vas.





6 Bring jou hande af en bymekaar.





7 Maak 'n biblioteek vir die klein boekies deur almal in 'n klein houer te bêre – 'n jellieboksie werk baie goed!

























2
1






6



5



4



3



Hierdie boek behoort aan:


.............................................

# Dawie se nuwe fiets



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



1



2

Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 101
2021/11/28 21:32

Hierdie boek behoort aan:

..............................................

# Sokkies gaan winkel toe



Wordworks
Changing lives through literacy



1




2

3



4




5



6




Hierdie boek
behoort aan:

.............................................


# Die paddavissie




Wordworks
Changing lives through literacy




1




2


3



4



5



6



Hierdie boek behoort aan:


.............................................

# Emma en die plantdiewe





1



2



3



4




5



6

6



5



4



3



Hierdie boek
behoort aan:

.............................................

# Oupa Farouk se tuin




book dash








1




2





**Dawie se nuwe fiets:** *Lees en doen-aktiwiteitsblad*

| | | |
|---|---|---|
|  en  en  3  |  en  en  3  |  en  en  3  |
| land  | water  | lug  |


**Dawie se nuwe fiets:** *Lees en doen-aktiwiteitsblad*









***Sokkies gaan winkel toe:*** *Winkeltrollie-aktiwiteitsblad*






- 1 klip
- 2 paddas
- 3 waterlelieblare
- 5 visse
- 8 paddavissies

**Die paddavissie:** *Speeldeeg-aktiwiteitsblad*






3 tamaties


2 wortels


6 ertjies

1 lepel

***Emma en die plantdiewe:*** *Emma se koei-aktiwiteitsblad*







Activity Guide Term 3_AFRIKAANS.indd 115 2021/11/28 21:32

1  ruspe

2  skoenlappers

3  slakke

4  bye

5  erdwurms

